HANDELINGE

van die 20ste vergadering van die

Noordelike Sinode

van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

10-13 September 2012

Weesgerus

INHOUDSOPGAWE

A.	**VERSLAE** - sien Agenda ‘.....	1
B.	**BESKRYWINGSPUNTE** - sien Agenda	43
	Respons op Beskrywingspunt B.2 ……	100
C.	**AANVULLENDE VERSLAE**	
	Vrouebelange ……	104
	Tweede Verslag Sinodale Taakspan Regte ……..	106
D.	**NOTULE**	109
E.	**BYKOMENDE STUKKE**	
	E.1 Lys van afgevaardigdes volgens geloofsbriewe	131
	E.2 Lys van persone teenwoordig tydens registrasie en konstituering ……....	136
F.	**BESLUITEREGISTER**	139
G.	**SAKEREGISTER**	149

TWEEDE VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD (SDR)

RESPONS OP BESKRYWINGSPUNT B.2: BELYDENIS VAN BELHAR (Vgl. Agenda bl. 43)

Die verslag word soos volg ingedeel:

*1 Punt 1 is 'n poging om die kernsake waaroor die beskrywingspunt handel, te verstaan en saam te vat.
*2 In Punt 2 word die kernsake geëvalueer.
*3 In Punt 3 word op die afsonderlike punte van die beskrywingspunt gereageer.
*4 In punt 4 word 'n aantal aanbevelings gemaak. Hierdie aanbevelings moet volgens Bepaling 32.4.2 as eerste amendement hanteer word. Die beskrywingspunt dien as die voorstel.

Daar word soos volg na punte in die beskrywingspunt verwys:
*1 Na die Beskrywingspunt self (B.2.1) se punte: A1-A6.
*2 Na die Motivering (B.2.2) se eerste gedeelte wat nie puntsgewys gegee word nie: B1 verwys na die eerste paragraaf en B2 – B9 na die opeenvolgende paragrawe.
*3 In die gedeelte van die motivering wat puntsgewys aangebied word: C1 – C31.

1 INHOUD VAN DIE BESKRYWINGSPUNT

1.1 Die hoofbeswaar

*1 Die beskrywingspunt en die verduidelikende motivering (voortaan Beswaar) bevat 'n aantal klagtes waaronder die gebrek aan 'n geleentheid om oor die inhoud van die Belydenis van Belhar (voortaan Belhar) te besin (B6,B8); kerkeenheid (A6, B1, B8, C12, C25, C26, C28); en die kerkregtelike en etiese dilemma van 'n leraar wat nie Belhar aanvaar nie (A4, B4, B5, B7-B9, C17-C31).
*2 Hierdie klagtes berus op 'n enkele hoofbeswaar naamlik Belhar se formulering in die 4de afdeling van die belydenis: "…*dat Hy (God) in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg*".
*3 Dit blyk, soos hieronder verder verduidelik sal word, dat veral die interpretasie van die versamelterm "armes" en die bywoord "besondere" in "besondere wyse" en verdere afleidings en gebruik van "besondere" tot die ontsteltenis van die Beswaar lei.

1.2. Die term "armes" word as 'n verbondsbegrip beskou wat alleen 'n geestelike stand verduidelik

*1 Die beswaar aanvaar dat die Bybelse verwysing na "armes" as verbondsbegrip verstaan moet word (bv. A1, A3, C1). Belhar gebruik dit nie so nie maar verstaan dit volgens die Beswaar se oordeel as sosiale klasse en gemeenskapgroepering.
*2 "Armes" dui op diegene wat hulleself nie kan regverdig nie maar uit God se "geregtigheid" moet leef. ("Geregtigheid" word hier net in heilsjuridiese sin (soos veral deur Paulus) gebruik en nie in etiese sin (soos veral deur verskeie profete en Matteus nie)).
*3 Geen verduideliking word gegee oor hoe die regte Bybelse manier sou wees om "noodlydendes" en "verontregtes" te begryp nie. In plaas van "verontregtes" word die polities meer belaaide term "onderdruktes" ook deur die Beswaar gebruik (A1) Beswaar word aangeteken dat God volgens Belhar die God van álle armes, álle verontregtes en álle noodlydendes sou wees (C2).

1.3 Die term "besondere" impliseer 'n keuse deur God

*1 Die verstaan van Belhar se "besondere" word nie verstaan uit die kernbelydenis oor God se geregtigheid in Belhar se 4de afdeling nie maar word verbind aan neweskikking van een groep teenoor 'n ander. Uit die Beswaar se herhaalde gebruik van "meer besonders" en "meer besondere wyse" asook "besonders God" en "God is besonders" (bv. C4-C8, C16-C18, C19, C26) word veronderstel dat dit beteken dat God 'n keuse sou maak vir een maatskaplik–politieke groepering (ook in die Beswaar genoem "(sekere) sosiale klasse", "gemeenskappe", "gemeenskapsgroeperinge", "sekeres", "spesifieke burgerlike gemeenskappe", "belangegroep", "(spesifieke) burgerlike groepe") en nie vir 'n ander nie. God word die "voorkeurgod" van 'n nuwe (politieke) belangegroep. Een magsbedeling word verruil vir 'n nuwe magsbedeling waarin die magsgroep met God identifiseer (C14-15, C27, C30).

1.4 God is "besonders" omdat Hy gelowiges teenoor ongelowiges stel maar nie maatskaplike groepe teenoor mekaar nie

*1 Indien God dan besonders vir een groep sou kies en selfs met een groep alleen sou “identifiseer” (C11, C14-15, C20, C22, C26) veronderstel dat Hy “teenoor” ander groepe gekies het. Die woord “teenoor” word sterk gebruik onder andere in A2, C4, C12.
*2 Die Beswaar self erken en handhaaf dat God net besonders is vir “gelowiges” teenoor “ongelowiges” (A2).
*3 Uit Belhar word afgelei dat God se besonders wees ‘n keuse veronderstel wat meebring dat God kies vir armes, verontregtes en noodlydendes teenoor “welvarende, vrye en bevoorregte mense” (C12)

1.5 Belhar is nie “ooreenkomstig die Woord van God” nie
*1 Aangesien God nie besonders is in die sin van om maatskaplike klasse teenoor mekaar te stel nie, maar slegs gelowiges teenoor ongelowiges, kan ons nie Belhar as “ooreenkomstig” die Skrif beskou nie (A3-4).

1.6 Verdere afleidinge en beskuldiginge
*1 Uit bogenoemde volg ‘n hele paar beskuldiginge wat nie volledig in die beskrywingspunt bespreek word nie maar vanweë die suggesties daarin nie geïgnoreer kan word nie:
*1.1 Wie God as besonders sien in die sin dat God op besondere wyse omgee vir noodlydendes, armes en verontregtes identifiseer God met menslike klasse, groepe en ordes – dit is afgodsdiens en goddeloosheid van ‘n nuwe magsgroepering (C10-11, C14-15).
*1.2 Die onderskeid tussen kerk (verbondsgemeenskap) en wêreldgemeenskap word doelbewus deur Belhar opgehef. Hierdie “gelykstelling” is nodig om die armes se klassestryd as God se saak voor te hou (C13). Van die begin af was Belhar deel van die rewolusionêre gees en stryd teen ‘n politieke bedeling (C14).
*1.3 Wie die Belharbelydenis steun, word gesuggereer, steun dit om menslike godservarings te akkomodeer (C19), nie-rassigheid te bewys (C20) en armes meer toeganklik vir spiritualiteit te maak soos “yweraars voorgee” (C21).
*1.4 God is besonders ook in sy oordeel. In sy grimmigheid, woede en onbarmhartigheid laat Hy gierige, lui en magsugtige mense verarm deur werkloosheid en ekonomiese ineenstortinge, gee Hy hulle oor aan onreg van magtiges en laat Hy hulle geweld ervaar en maak Hy hulle kinderloos (C9, C31).
*1.5 Aangesien Belhar nie ooreenkomstig die Woord van God kan wees nie volg allerlei dilemmas vir die leraar wat aan die Woord getrou wil bly en nie toelaat dat hy “gedwing” word (C22) om Belhar te aanvaar of om stilswyend Belhar as ‘n opsionele belydenis toe te laat nie (B5, B9). Op geen wyse sal die opsteller van die Beswaar deel van so ‘n “leuen” wees nie(C28-29)..

2. EVALUERING VAN DIE BESWAAR

2.1 Die Beswaar maak afleidings op grond van ‘n ongenuanseerde interpretasie van begrippe

*1 Die beswaar werk met ‘n verskraalde interpretasie van terme soos “armes” en “verontregtes” wat as verbondsterme beskou word. Die volle rykwydte van die term “armes” word nie verreken nie – in Matteus het dit byvoorbeeld inderdaad ‘n geestelike betekenis maar in Lukas en ander gedeeltes word konkrete armoede bedoel.
*2 Die tendens om terme en waarhede te vergeestelik kom wyer voor in die beswaar:
- “Geregtigheid” word in heils-juridiese sin gebruik (soos by Paulus) maar die etiese gebruik daarvan soos by die profete (Amos, Jesaja) en Matteus word klaarblyklik nie erken nie.
- (Kerk)eenheid word uitsluitlik as ‘n geestelike saak erken terwyl die konkreet-sigbare aspekte van eenheid ontken word.
*3 Ook die term “besondere” van Belhar word deur die Beswaar gebruik om aan te toon dat God klaarblyklik vir een klassegroep sou kies. Sou die Beswaar “besondere” as “meer besonders” interpreteer en daarom eerder verstaan in die betekenisveld van “apart”, “eie”, “afsonderlik”? Word daarom verkeerdelik afgelei dat God alleen met ‘n bepaalde maatskaplike groep sou “identifiseer” en nie met ‘n ander nie? Naas hierdie betekenisveld is daar immers ook die betekenisveld van “besondere” as “buitengewoon”, “seldsaam” (vergelyk o.a. HAT) en “wonderlike”.

***2.2 Die beswaar maak op so ‘n wyse van ‘n verbondsleutel gebruik dat die betrokkenheid van God tot geestelike redding van gelowiges en oordeel oor ongelowiges verskraal.**
*1 Ons moet eerder aanvaar dat die Bybel:
- Verskillende verstaansleutels bevat (bv. nie net verbond nie maar ook koninkryk van God);
- Inderdaad gedeeltes bevat met ‘n meer eksklusiewe karakter (bv. verbondsvolk in Esra, Nehemia) maar ook gedeeltes in die Bybel waarin inklusief oor die heil getuig word (bv. in Rut, Jona, Lukas);
- God nie beskou as die Een wat net vir sy volk/kerk omgee nie maar dat sy verlossing gerig is op die hele skepping (bv. Jesus as hoof van die kerk en die kosmos, liefde vir die medegelowige én liefde vir alle mense);

- Gelowiges en die kerk se navolging van God nie tot geestelike sake beperk word nie maar dat vir liefde en geregtigheid in die alleromvattendste sin beywer moet word.

2.3 Die Beswaar hou nie daarmee rekening dat Belhar se formulering oor God se houding jeens noodlydendes, armes en verontregtes uit die Skrif kom nie en selfs *Kerk en Samelewing* dit eggo nie.
*1 Die kritiek teen Belhar en die gevolgtrekking dat dit nie met God se Woord ooreenstem nie hou nie genoegsaam rekening met verskeie Bybelgedeeltes nie. Belhar se 4de afdeling verwys en is 'n samevatting van die volgende Skrifgedeeltes waarna in die teks verwys word: Deut 32:4; Luk 2:14; Luk 4:16-19; Joh 14:27; Efes 2:14; Jes 1:16-17; Jak 1:27; Jak 5:1-6; Luk 1:46-55; Luk 6:20-26; Luk 7:22; Luk 16:19-31; Ps 146; Rom 6:13-18; en Amos 5.isue
*2 Gemeenskaplik aan hierdie gedeeltes uit verskillende tye en omstandighede is die oortuiging dat God vir geregtigheid kies en op 'n besondere wyse vir die wat ly omgee.
*3 God vereis geregtigheid van alle mense en nie net van verbondskinders nie. In Amos en Sefanja word die "vreemde" volke veroordeel omdat hulle die universele geregtigheid van God vertrap. God kies in hierdie sin nie vir groepe nie. Hy kies vir reg en geregtigheid. Hy kies om daar te wees vir mense in nood. Hy vra van ons om aan sy kant te staan en vir maatskaplike geregtigheid te kies. Hy vra ook dat ons diegene wat ly, sal help.
*4 Kerk en Samelewing (die NG Kerk se amptelike standpunt van 1986) se getuienis hieroor lui so: God wat "by uitnemendheid die Een (is) wat vir die saak van die noodlydende en verontregte intree" moet nagevolg word deur "besondere sensitiwiteit te hê vir hulle wat "verdruk en uitgebuit" word aangesien dit 'n "Bybelse beginsel" is wat vir "alle tye en gemeenskappe" geld (paragraaf 143-151).
*5 Die heimlike beskuldiging deur die beswaar is dat Belhar bevrydingsteologie is. Die keuse was egter doelbewus "…om nie die indruk te wek van 'n klassestryd nie waarin God as't ware vir 'n sekere groep mense en teen 'n ander groep sou kant kies nie" maar dat die "basiese , oer-Bybelse en oer-Christelike oortuiging dat God die hulp van die hulpelose is" verduidelik Dirkie Smit ("…op n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte" in Cloete, GD en Smit, DJ (reds) (1984) 'n Oomblik van waarheid:bl.65).
*6 Indien na afdeling 4 in sy geheel geluister word en nie net na 'n enkele frase nie, kan dit meer genuanseerd verstaan word. Byvoorbeeld: Die taak van die kerk bestaan daarin om God te volg, om "mense in *enige* (ons beklemtoning) vorm van lyding en nood by te staan, om teen *enige* (ons beklemtoning) vorm van ongeregtigheid" vanuit die Evangelie te stry. Daarom "verwerp" Belhar "*enige* (ons beklemtoning) ideologie wat verontregting legitimeer en *enige* (ons beklemtoning) leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie".
*7 Die term "enige" in Belhar kom in betekenis merkwaardig ooreen met "alle tye en gemeenskappe" in *Kerk en Samelewing* soos wat die "besondere wyse" in Belhar ongeveer dieselfde sê as "uitnemendheid" in *Kerk en Samelewing* .
*8 Daar moet aanvaar word dat die Bybel in geloofs- of belydenistaal van God se heil waarvan ons net ten dele ken, getuig en dat dit nie logiese wetenskapstaal is nie.
*9 Ons ontvang die openbaring dat God vir geregtigheid en teen onreg kies, dat Hy by die verontregte op 'n besondere wyse staan en dat Hy ons vra om Hom hierin te volg. Uit die geloofstaal kan ons nie op logiese wyse aflei dat God daarom teen 'n bepaalde groep mense gekies het en ons Hom hierin moet volg nie. Net so kan ons nie uit ons lofsing "die Here was by my, Hy het my bewaar" die teendeel aflei om aan beroofde mense te verkondig "die Here was nie by julle nie, daarom is julle aangerand". Die geloof in die Voorsienigheid van God en die teodisee-vraagstuk is veel meer kompleks en behoort met groot ootmoed en nie met 'n sleutel van determinisme hanteer te word nie.

3 REAKSIE OP DIE BESKRYWINGSPUNT SE PUNTE

Hier volg 'n respons op die beskrywingspunt met verwysing na die afsonderlike punte:

3.1-3 Punte 1 tot 3
Reeds volledig in punt 2 hierbo behandel en afgewys.

3.4 Punt 4
**1 (Die sinode besluit dat geen leraar of lidmaat van die NG Kerk deur enige kerklike vergadering verplig kan word om die Belharbelydenis as "ooreenkomstig die Woord van God" as waar te moet aanvaar nie.*)
*2 'n Besluit van die Algemene Sinode toon dat hierdie beswaar reeds voldoende aandag kry. Die betrokke besluit van die AS is in hierdie sinode se agenda opgeneem as deel van die besluite oor kerkhereniging (vgl bladsy 35, punt 5.4 hierbo): *"Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word. Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te aanvaar nie."*

*3 Aangesien die betrokke saak baie sensitief is en die proses van finale besluitneming nog ver is, is dit wel moontlik dat die Noordelike Sinode hom kan uitspreek oor 'n moontlike keuse. Dit is inderdaad 'n vraag of dit wenslik is om alle leraars (ook voornemende studente en leraars) te dwing om Belhar op dieselfde grondslag as die NGB, HK en Dordtse Leerreëls te aanvaar en onderskryf. Sommiges sal dit graag doen; ander weer sal huiwerig wees of selfs weier. Hulle redes mag egter verskil. Dit is moontlik dat 'n leraar/lidmaat Belhar teologies kan onderskryf maar dan om ander redes nie kans sien om dit te doen nie. Selfs al sou die Sinode kies om die geleentheid tot vrye keuse te handhaaf, sal die beskrywingspunt se formulering aangepas moet word. Die aangehaalde besluit van die AS toon egter dat 'n aparte besluit nie werklik nodig is nie.

3.5 Punt 5

*1 *(Die Sinode erken dat daar geen ander redes is om 'n geloofsbelydenis oor God te kan aanvaar as "waar ooreenkomstig die Woord van God", as die openbaring van God in die Skrif nie.)*

*2 Die formulering van die punt skep op sigself probleme. Waarom word gekies vir "*waar ooreenkomstig* die Woord van God" en nie vir "*ooreenkomstig* die Woord van God" nie? Sonder om nou op die hele quia / quatenus vraagstuk ingegaan word kan bloot gestel word dat die NG Kerk op verskeie geleenthede al meer as voldoende bevestig het dat hy die Bybel as die enigste normgewende norm (norma normata) sien en dat die belydenisskrifte slegs gesag het omdat hulle gesag vanuit die Bybel afgelei kan word (norma normans).

*3 Dit is dus nie nodig om hierdie punt te onderskryf nie – veral nie weens die bevraagtekenbare formulering nie.

3.6 Punt 6

**1 (Die sinode stel dat dit nie kerkeenheid kan wees om 'n geloofsgemeenskap te konstitueer wat volgens die wette van 'n land en die gemenereg een in naam en organisasie is, maar waarvan predikante en lidmate die vryheid het om oor dieselfde geloofsbelydenis oor God te sou kon verskil of dit ooreenkomstig die Skrif waar of onwaar is nie.)*

*2 Die jongste besluite van die Algemene Sinode oor kerkhereniging (vgl bl. 34 e.v. in hierdie agendaboek) stel dit duidelik dat daar nog baie onderhandelings nodig is en dat daar nog verskeie modelle oorweeg sal moet word. Indien die Sinode hierdie punt sou aanvaar, sal hy enige verdere gesprek en onderhandelings oor moontlike modelle van kerkeenheid baie bemoeilik.

4. AANBEVELINGS

4.1 AANBEVELINGS

Die Sinode

4.1 Erken dat die beskrywingspunt n geleentheid bied om op teologiese wyse oor aspekte van Belhar te besin;

4.2 Neem kennis dat die beskrywingspunt fokus op een aspek in Belhar naamlik die beskrywing dat God "op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, arme en verontregte is" en dat die essensie van al die ander besware na hierdie beskrywing teruggevoer kan word;

4.3 Neem kennis dat die beskrywingspunt en motivering 'n verskraalde Bybelse verstaansleutel en verskraalde betekenis van terme gebruik om die beskrywing van God in Belhar te beoordeel. Hiermee word ongegronde afleidings gemaak wat die Bybel se eie getuienis, soos dit ook in *Kerk en Samelewing* verstaan word, weerspreek;

4.4 Oordeel dat hy die beskrywingspunt, in sy geheel en as afsonderlike punte, nie kan aanvaar nie.

VROUEBELANGE
VERSLAG AAN DIE NOORDELIKE SINODE
SEPTEMBER 2012

1. FOKUS
Vrouebelange fokus op die bemagtiging van vrouelidmate sodat hulle gemotiveerd na hulle gemeentes kan teruggaan en ‘n verskil kan maak. Toerusting , geestelike groei en versorging is hoë prioriteite by al die aktiwiteite.

2. BELEID TOV VROUE IN DIE KERK
Tydens die Algemene Sinode is die volgende beleid t.o.v. Vroue in die kerk goedgekeur en opgeneem in die Kerkorde:
a. Bediening aan vroue is (soos met alle ander lidmate) ‘n integrale deel van gemeentebediening waar vroue geïnspireer en bemagtig word sodat hulle, hulle roeping en gawes voluit, tot eer van God en tot opbou van die liggaam van Christus, kan uitleef.
b. Deur unieke interaksie met die Woord en met mekaar word vroue
* toegerus;
* begelei op die pad van geestelike groei;
* versorg; en
* geleenthede vir diens geskep.
c. Die kerk skep en bevorder ’n ruimte vir die uitlewing van vroue se eiesoortige behoeftes en belange, deur aksies, groepe of bedieninge te inisieer, of netwerke en vennootskappe te vorm om spesifieke, geïdentifiseerde behoeftes aan te spreek.
d. Die ontwikkeling en benutting van vrouepotensiaal en -leierskap vind op alle terreine van die kerk se werksaamhede plaas.

3. AKTIWITEITE
3.1 KONFERENSIES
Die taakspan het elke jaar ‘n konferensies aangebied waar vroue geïnspireer en bemagtig word met kennis en vaardighede wat in gemeentes aangewend kon word.
Temas is so aangebied dat vroue nie net self kon groei nie maar met hulle kennis ook ander vroue kon gaan bemagtig.

3.1.1. 2008 - "God se Gees herstel/Vernuwe/Verras"
Spreker: Johan Symington
God herstel stukkende mense in ons gemeenskap. Hoe help en ondersteun ek stukkende mense met wie my pad elke dag kruis?

3.1.2 2009 - "Motiverende Leierskap!"
Spreker: Ds Marius Cornelissen
‘n Geleentheid vir die ontwikkeling van leierskap. Die ontsluiting van die leierskappotensiaal in elke lidmaat skep nuwe energie waar lidmate mekaar en ander so kan motiveer, dat hulle werklik 'n sigbare verskil binne hulle bedieninge kan maak.

3.1.3 2010 - "Lag met die Harlekyn"
* Dr Henk Gous, Dr Mariet van Niekerk en Elize Bosh
Hoe sien ek om na my eie fisiese en geestelike gesondheid ? Getuienis oor hoe om positief te bly in die storms van die lewe.

3.1.4 2011 - "Ons Leefwereld”
Adv Chris Maree – Gesinsadvokaat en Meyerlene Mathey – “Sit die vonk terug in jou gesin”
Ons leef in ‘n wêreld waar verhoudings elke dag onder druk geplaas word. Wat is die regsimplikasie vir gesinne wat deur egskeiding gaan en hoe behou ons die vonk in die gesin.

3.1.5 2012 - "Kom proe en ervaar die Lewe.... ten spyte van.."
Ons hardloop deur die lewe by God verby. Kom proe en ervaar die lewe weer opnuut .
Spreker : Dr Willem Nicol
Sien, luister en stilword , Ruik en proe , Kreatiewe skepping - Henriette du Plessis

3.2 PREDIKANTSVROUEBEDERF

3.2.1 Daar is elke tweede jaar ‘n Predikantsvrouebederfdag aangebied. Op hierdie wyse wil ons graag al die dames in pastorieë bedank vir hulle ondersteuning aan hulle mans en gesinne . Dit dra by tot predikantsgesinne se versorging en die dames wat dit bygewoon het, het groot waardering hiervoor getoon.

4. BEPLANNING VIR DIE TOEKOMS
4.1 Webblad - Gebruik die “VERSKIL” en die webblad om op ‘n gereelde basis aktiwiteite en ander relevante sake van Vrouebelange te kommunikeer.

4.2 Omgee fokusgroepe: Vrouebelange wil gereeld met die volgende groepe skakel met die oog op omgee en ondersteuning:
4.2.1 Predikantsvroue en -gesinne
4.2.2 Emeriti en hulle vroue
4.2.3 Jong predikantsvroue

4.3 Toerusting en bemagtiging
Bemagtig vrouelidmate steeds op aktuele geestelike en ander terreine.

4.4 Projekte
Stel projekte wat in die Noordelike Sinode plaasvind bekend waar vroue betrokke kan raak soos: Ritmejaar, bejaardeversorging, sentra vir gestremdes, ongehude moeders ens.

4.5 Skakeling
Skakel namens die Sinode met vroue van die NG Kerk familie.

Aanbeveling:
Daar word aanbeveel dat Vrouebelange voortgaan met toerusting, bemagtiging en versorging van vroue sowel as skakeling met vroue van die NG kerkfamilie.

Taakspanlede: Mevv Rinel Hugo (voorsitter); Werda van Loggerenberg (onder-voorsitter), Mariaan van Zittert (sekretaresse), Arista Mouton, Mari Laas, Petro Theron en Ansie van den Heever.

TWEEDE VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN REGTE

1. WYSIGING VAN BEPALINGS NA KOMMENTAAR

Die Kerkorde (2011) en voorgestelde wysigings aan die Noordelike Sinode is op die Sinode se webtuiste geplaas met die uitnodiging om kommentaar te lewer. Na aanleiding van die ingekome kommentaar beveel die STR aan dat die volgende bepalings gewysig word:

1.1 Bepaling 7.3.1
*1 Huidige bepaling: *'n Beroep mag alleen uitgebring word nadat die kerkraad die ring/ringskommissie oortuig het dat die gemeente die pos finansieel kan dra.*
***2 Wysig om te lees:**
7.3.1 'n Beroep mag alleen uitgebring word
7.3.1.1 nadat die kerkraad die ring/ringskommissie oortuig het
***1 van die noodsaaklikheid van die vulling van vakature,**
***2 van die opsies wat oorweeg is (voltyds / tentmaker / termynpos);**
***3 van die finansiële volhoubaarheid van die pos; en**
7.3.1.2 nadat die ring/ringskommissie die advies van die sinodale kantoor ingewin het.

1.2 Bepaling 18.22 (Nuwe bepaling)
Telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings
18.22.1 Telefoon- en elektroniese vergaderings vir die taakspanne (sluit diensrade/diensgroepe in) van die Noordelike Sinode is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:
1.1 Die vereistes vir die telefoonvergadering is dieselfde as wat geld vir 'n gewone vergadering van die taakspan onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.
1.2 Die notule van so 'n vergadering word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.
18.22.2 Die prosedure is soos volg:
2.1 Die Dagbestuur van die taakspan stel 'n verslag op in verband met die saak waaroor die taakspan besluit(e) wil neem. In die verslag word die sake waaroor en die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.
2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die taakspan versend.
2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat voorgelê is vir stemming betuig het.
2.4 Die notule van so 'n stemming word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.

2. WYSIGING VAN BEPALINGS NA SINODEBESLUITE

Na aanleiding van die besluite van die verslag oor sinodale strukture word aanbeveel dat die volgende bepalings gewysig word:

2.1 Bepaling 35.1 Sinodale Diensraad (SDR)
*1 Huidige bepaling: *35.1.1 Tydens die sinode word daar 'n Sinodale Diensraad (SDR) saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:*
1. Die moderator, assessor, aktuarius en addisionele lid.
2. Die diensraadvoorsitters.
3. Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.
4. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
5. Die saakgelastigde van die sinode.
6 Die SDR kan (indien moontlik tydens die sinodevergadering) 'n maksimum van 5 persone met stemreg byvoeg. Hierdie persone hoef nie lede van die sinode te wees nie, maar moet 'n bydrae tot die kernbesigheid van die SDR kan lewer.
*2 Wysig om te lees:
Bepaling 35.1 Die Sinodale Diensraad (SDR)
35.1.1 Tydens die sinode word daar 'n Sinodale Diensraad (SDR) saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
1. Die moderator, assessor en aktuarius

2. Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.
4. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
5. Die saakgelastigde van die sinode.

2.2 Bepaling 35.1.4
*1 Huidige bepaling: *35.1.4 Die SDR behartig:*
1. alles wat deur die sinode aan hom opgedra word met die fokus op visionering, ekumene, predikantebegeleiding en teologiese refleksie;
2. onderhewig aan bepaalde besluite van die sinode, voorlopig alle spoedeisende sake wat tot die terrein van die sinode behoort, waar nodig deur die aanwys van ad hoc-spanne;
3. die benoeming van predikante in sinodale diens nadat die sinode goedkeuring verleen het tot die daarstelling / kontinuering van die pos;
4. die goedkeuring van die begroting op voorlegging van die Sinodale Diensraad vir Ondersteuning en die arbiterstaak wanneer 'n verskil van mening oor die begroting ontstaan wat nie onderling opgelos kan word nie;
5. in buitengewone gevalle die ontmoeting van persone of instansies met die oog op pastorale gesprek;
6. die aanwysing van 'n taakgroep wat appèlle met afhandelingsbevoegdheid hanteer;
7. skakeling met die owerheid, indien nodig.
*2 Wysig om te lees:
35.1.4 Die SDR behartig:
1. Keur die beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheiden fokus areas
2. Fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake
3 Hanteer hertoelating tot die bediening, appèlle, herindeling van ringe en teologies opleiding
4. Koördineer en inisieer, in oorleg met ringe, die werksaamhede binne die fokusareas
5 Kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die sinode
6 alles wat deur die sinode aan hom opgedra word om te hanteer tussen sinodes

2.3 Bepaling 35.2 Diensgroep Koördinering en Bestuur
*1 Huidige bepaling 35.2.1 *Tydens die sinode word daar 'n Diensgroep Koördinering en Bestuur (DKB) saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:*
1. Die moderator, assessor, aktuarius en addisionele lid.
2. Die diensraadsvoorsitters.
3. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
4. Die saakgelastigde van die sinode.
*2 Wysig om te lees:
Bepaling 35.2 Die Moderatuur
35.2.1 Tydens die sinode word daar 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
1. Die moderator, assessor en aktuarius
2. Vyf addisionele lede.
3. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
4. Die saakgelastigde van die sinode.

Vir inligting
Sinodebesluit saam met 35.2.1: Vir die interim besluit die Sinode om die Moderatuur uit te brei met die vorige Diensraadsvoorsitters wat nie reeds op die Moderatuur verkies is nie. Hierdie reëling sal geld totdat die SDR oordeel dat die werksaamhede van die vorige struktuur bevredigend in die nuwe struktuur opgeneem is

2.4 Bepaling 35.2.3
*1 Huidige bepaling: *35.2.3 Die DKB hanteer*
1 sake wat deur die sinode of Sinodale Diensraad aan hom opgedra is;
2. dag-tot-dag bestuursake;
3. die bepaling of wysiging van funksies en groepering van die diensrade en die aanwysing van taakgroepleiers;
4. die koördinering van die diensrade se aktiwiteite;
5. die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te bring;
6. die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode.
*2 Wysig om te lees:
35.2.3 Die Moderatuur tree op as dagbestuur van die SDR en hanteer

1 sake wat deur die sinode of Sinodale Diensraad (SDR) aan hom opgedra is;
2. dag-tot-dag bestuursake;
3. die koördinering van die uitvoering van die diensterreine soos bepaal deur die Sinode en die aanwysing van taakspanleiers;
4. die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te bring;
5. die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode.

2.5 Bepaling 35.3 Diensrade
Verval. Pas numering verder aan.

2.6 Bepaling 35.5 Afvaardiging na Algemene Sinode
*1 Huidige bepaling: *Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:*
1. Die verkose lede van die DKB.
2. Die PSD.
3. Die ander lede van die SDR.
4. Indien meer afgevaardigdes (sekundi of meer persone) benodig word, vul die SDR die res van die afvaardiging aan uit lede van die sinode.
5. Indien die toegelate getal afgevaardigdes na die Algemene Sinode minder is as die getal SDR-lede, stel die SDR die afvaardiging per stemming saam uit die SDR-lede. Hierdie stemming kan ook elektronies geskied.

*2 Wysig om te lees: **Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:**
1. 10 leraars (met sekundi) en 10 ouderlinge/diakens (met sekundi) wat tydens die sinodevergadering verkies word.
2. Die SDR finaliseer die afvaardiging aan die hand van die proporsionele formule van die Algemene Sinode eerstens uit die verkose sekundi lede en indien nodig uit lede van die vorige sinode.

DR. L UNGERER (Aktuarius)
DR. GJ CLOETE (Skriba)

D. NOTULE

EERSTE SITTINGSDAG
MAANDAG 10 SEPTEMBER 2012

OGGENDSITTING – begin 10:00.

OPENING – Die sitting begin met 'n atmosfeerryke kersaansteekseremonie. Onder musikale leiding van Attie en Renate Nel sing die vergadering Liedere 283, 514 en 212.

Die oudste leraar met die langste diens, ds Thinus Grobler (Noordoos-Pretoria), open die vergadering met Skriflesing uit Jes 40:1-11. Hy doen 'n gebed en die vergadering sing die Ons Vader (Lied 266).

KONSTITUERING (Bep 32.2)
Dr Gerrit Cloete (skriba) hanteer die konstituering.

Aantal ringe teenwoordig	17
Aantal afgevaardigdes	353
Aantal teenwoordig	303
Kworum vir konstituering	236

Die Twintigste Sitting van die Noordelike Sinode word as wettig gekonstitueer verklaar.

Bylaag E1 : Afgevaardigdes volgens geloofsbrief.
Bylaag E2 : Afgevaardigdes teenwoordig met konstituering.

SKEMA VAN WERKSAAMHEDE
Bylae 1 van die DKB-verslag (Agenda bl 6-8) word deur dr Roelf Opperman (Kameeldrif) ter tafel geneem.

VERSLAG VAN DIE DIENSGROEP VIR KOÖRDINERING EN BESTUUR (DKB)
(Agenda bl. 4-5)
1-6 Kennis geneem.

Aanbeveling by punt 6 **goedgekeur**:
***1. Die verkiesing van die aktuarius geskied nadat die Verslag oor die Funksionering van Sinodale Strukture (SDR-verslag Bylae 3) hanteer is.**
***2. Die Sinode reël dat die uittredende aktuarius, dr Dewyk Ungerer, as aktuarius waarneem totdat 'n nuwe aktuarius verkies is.**

7-9 Kennis geneem. By punt 8 van die verslag (FUNKSIONARISSE) word die volgende name bygevoeg as persone wat verantwoordelik is vir die wydingsgeleenthede: di. Maartje vd Westhuizen (Kameeldrif), Lizl-Louise Schoeman (Valhalla) en Fouché de Wet (Suidoos-Pretoria).

10 REËLINGS SINODE: AANBEVELING GOEDGEKEUR

Die sinode keur die reëlings vir die Twintigste Vergadering van die Noordelike Sinode soos deur die Diensraad vir Koördinering en Bestuur getref, goed.

AANWYS VAN TAFELLEIERS
Dr Roelf Opperman versoek die afgevaardigdes om tafelleiers aan te wys.

VERKIESING VAN MODERATUUR (Bep 32.2.9)

VERKIESING VAN MODERATOR
Groslys en eerste stemming:
Dr Gustav Claassen (Monumentpark)
Ds Paul Grobler (Universiteitsoord)
Dr Philip Venter (Soutpansberg).

VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD (SDR)
(Agenda bl 9-13)
1-6 Kennis geneem.

VERKIESING VAN MODERATOR (vervolg)

Dr Gustav Claassen word met volstrekte meerderheid tot moderator verkies.

Die vergadering sing die seënbede terwyl dr Claassen die voorsitterstoel inneem. Dr Claassen bedank die vergadering vir die vertroue en versoek dat die lede aanhoudend vir hom sal bid. Hy bedank ook dr. Roelf Opperman vir die reëlings vir hierdie sinodesitting en vir ds. Thinus Grobler vir die gepaste opening van die vergadering.

VERKIESING VAN ASSESSOR

Groslys en eerste stemming :
Dr Herman Carelsen (Florauna)
Dr Paul Grobler (Universiteitsoord)
Dr Braam le Roux (Pretoria)
Dr Willem Pretorius (Kameeldrif)
Dr Johan van den Heever (Eldoraigne).

OGGENDSESSIE: "GEWORTEL IN AFRIKA"

Brig.genl. Etienne Fourie gee in 'n aanbieding inligting oor die invloed van die konteks van Afrika op die kerk.

13:15 Ete

MIDDAGSESSIE 14:30

VERKIESING ASSESSOR

Tweede stemming tussen:
Dr. Willem Pretorius
Ds. Paul Grobler.

Ds Paul Grobler word as assessor verkies.

SDR VERSLAG : BEMAGTIGING VAN RINGE (Agenda bl. 19)
Bylae 2, vgl SDR-verslag pt. 3.7
Kennis geneem van die verslag.

Punt 3. KERKORDELIKE BEVOEGDHEDE EN ROEPING BINNE VERBAND

Goedgekeur: Die Sinode
1. Handhaaf die kontraktuele verdeling van werksaamhede in die verband soos in artikels 22, 31 en 35 van die Kerkorde beskryf word;
2. Gaan voort om binne die vorige besluite van die Sinode
2.1 Ringe te ontwikkel en te bemagtig in belang van die bediening in gemeentes;
2.2 Om waar nodig en moontlik sinodale werksaamhede na ringe af te wentel.

Punt 5. DIE VRAAG OOR DIE HERINDELING VAN RINGE!

Goedgekeur: Die Sinode besluit
1. Om te volstaan met die huidige indeling van ringe;
2. Dat, in gevalle waar ringe wat in belang van die uitvoering van Art 31 gesamentlik wil funksioneer, hulle kan saamsmelt en as 'n nuwe ring konstitueer met die goedkeuring van die SDR.

SDR VERSLAG : FUNKSIONERING VAN SINODALE STRUKTURE (Agenda bl. 23)
Bylae 3, vgl SDR-verslag pt. 4.1
Kennis geneem van die verslag.

2. VISIE

Goedgekeur: Die sinode aanvaar die herbewoording van die visie van die Sinode.

3. KERNWAARDES

Goedgekeur: Die sinode aanvaar die herbewoording van die kernwaardes van die sinode.

4. KERNBESIGHEID

Goedgekeur: Die sinode aanvaar die bewoording van die kernbesigheid van die sinode en gee opdrag aan die SDR om te verseker dat die riglyne nagestreef word in die evaluering en beplanning van alle werksaamhede.

5. FOKUSAREAS

Goedgekeur: Die sinode versoek die taakspan wat die beplanning en fasilitering van die sinode in sitting hanteer het om die SDR direk na die sinode te fasiliteer in die bepaling van prioriteite en die fokusareas van die sinode se werksaamhede.

6. STRUKTUUROORWEGINGS
6.1 Oorwegings

Goedgekeur: Die sinode besluit
1. Dat ringe in die uitvoer van die visitasie by gemeentes, opsig oor gemeentes en advies aan kerkrade (KO art 31:1-3) aangemoedig word om die volgende werkterreine in gemeentes te bevorder:
*** Diensgetuienis**
*** Geloofsvorming**
*** Prediking en erediens**
*** Pastorale sorg en predikantebegeleiding**
*** Administrasie;**
2. Dat elke ring self besluit hoe hierdie werkterreine in die spesifieke ring aandag geniet;
3. Goedgekeur soos gewysig: Dat die sinode in die uitvoering van sy kernbesigheid en fokusareas dieselfde vyf werkterreine in ag neem.

6.2 Voorgestelde sisteem vir moderatuur, diensraadleiers en SDR
Amendement: (MJ Benade / J Marais) – word goedgekeur:
Die Sinode besluit
***1 Dat die status quo gehandhaaf word;**
***2 Dat hy steeds van diensrade gebruik maak;**
***3 Dat hy 'n oudit sal doen van die huidige struktuur en dit behoorlik evalueer;**
***4 Dat hy die kapasiteit van ringe vasstel.**

Koffie: 15:30 – 16:15

Vrae ontstaan oor die implikasies van die besluit (soos deur die amendement gewysig) by punt 6.2. Na 'n ordemosie (W Pretorius) word tydelik van die saak afgestap.

SDR VERSLAG : GESAMENTLIKE SINODALE KOMMISSIE VAN DIE VIER TRANSVAALSE SINODES (GSK) (Agenda bl. 29)
Bylae 4, vgl SDR-verslag pt. 4.2
Verslag aan Sinodes 2012
Kennis geneem van die verslag.

SDR VERSLAG : KURATORIUM UNIVERSITEIT VAN PRETORIA (Agenda bl 31)
Bylae 5, vgl SDR-verslag pt. 4.3
Dr PR du Toit (PSD Teologiese Opleiding) gee toeligting.
Kennis geneem van verslag.

VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD (SDR)(VERVOLG - Agenda bl. 13)

4. ANDER SAKE DEUR DIE SDR HANTEER (VERVOLG)
4.5 Beskrywingspunte
Kennis geneem.
4.6 Monumentpark-Wes
Kennis geneem. Monumentpark-Wes se afgevaardigdes word verwelkom by die Noordelike Sinode.

Na aanleiding van die ordemosie (W Pretorius) rakende die hantering van punt 6.2 (Verslag : Funksionering van Sinodale strukture Agenda bl. 27) word op advies van die aktuarius 'n tydelike taakspan aangewys om die besluit en die implikasies daarvan onder die lope te neem. Die taakspan is drr Dewyk Ungerer (sameroeper), Tinus Benade, Herman Carelsen, James Kirkpatrick, Willem Pretorius en ds Petrus Kriel.

Die teologiese studente wat as Steunspan optree, of as afgevaardigdes teenwoordig is word aan die vergadering voorgestel.

Tafelgebed word gedoen deur teologiese student Starlyn George.

Die vergadering verdaag vir aandete.

MAANDAG AANDSESSIE

TYDELIKE TAAKSPAN: Die taakspan vra toestemming tot revisie van die besluit van punt 6.2 (Verslag : Funksionering van Sinodale strukture Agenda bl. 27) ten einde die vergadering met 'n konsensus voorstel te dien.

Die vergadering verleen toestemming tot revisie:

6.2.2 'n Gewysigde stelsel (Agenda bl. 27)

Op aanbeveling van die tydelike taakspan keur die sinode die aanbeveling by 6.2.2 goed, naamlik:
1. dat die DKB verval;
2. dat die moderatuur bestaan uit 'n moderator, assessor en aktuarius plus 5 addisionele lede wat almal ter vergadering verkies word;
3. dat die moderatuur kollektief ten opsigte van die diensterreine verantwoordelikheid neem en taakspanne aanwys soos en wanneer benodig;
4. dat die PSD steeds die skribaat hanteer en dat die SDR by 'n vakature 'n reëling tref.

Op verdere aanbeveling van die tydelike taakspan word die besluit soos volg uitgebrei:

Die sinode besluit dat die huidige diensrade bly bestaan totdat die nuwe strukture na oordeel en evaluering van die SDR in staat is om die bedieninge met bevoegdheid te bestuur.

Verduidelikende opmerkings:
In die lig van die besluite wat reeds geneem is, beteken dit dat daar nou voortgegaan kan word met die verkiesing van die nuwe moderatuur. Die huidige diensraadvoorsitters sal outomaties op die moderatuur sittingsreg hê indien hulle nie verkies word tot die moderatuur nie. Die reëling geld totdat die nuwe struktuur na die oordeel van die SDR genoegsaam uitgesorteer is sodat werksaamhede nie skade sal lei nie. Die huidige diensraadlede sal die voorsitter in die oorgangstyd bystaan. Op hierdie SDR is ringe steeds verteenwoordig om die belange van ringe te dien.

SDR VERSLAG : FUNKSIONERING VAN SINODALE STRUKTURE (Vervolg) (Agenda bl. 27)

6.2.2.3 Die Sinodale Diensraad (SDR)

Goedgekeur: 1. Die moderatuur.
2. Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.
3. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
4. Die saakgelastigde van die sinode.

6.3 Personeel

Goedgekeur: Die sinode besluit dat 'n vakature in die PSD-pos nie deur die SDR gevul word nie. Die sinode sal op 'n volgende vergadering oordeel of so 'n pos wel nodig is en indien wel, met watter inhoud.

7. FOKUSAREAS VAN DIE SDR

Goedgekeur: Die sinode aanvaar die volgende uiteensetting ten opsigte van die SDR se locus standi en funksies en gee opdrag aan die Sinodale Taakspan Regte om dit in die bepalings te verreken:
Die SDR is die verteenwoordigende regspersoon van die Sinode tussen sittings en:
***1. Keur beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokusareas;**
***2. Fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake;**
***3. Hanteer hertoelating tot die bediening, appèlle, herindeling van ringe en teologiese opleiding;**
***4. Koördineer en inisieer, in oorleg met ringe, die werksaamhede binne die fokusareas;**
***5. Kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die Sinode.**

8. AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE

Goedgekeur: Die sinode besluit om Bepaling 35.5 soos volg te wysig:
Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:
1. Tydens die sinodevergadering word 10 leraars (met sekundi) en 10 ouderlinge/diakens (met sekundi) verkies.
2. Die SDR finaliseer die afvaardiging deur bykomende afgevaardigdes volgens die Algemene Sinode se proporsionele formule by te voeg, eerstens uit die verkose sekundi en, indien nodig, uit lede van die vorige Sinode.
3. Waar 'n stemming benodig word, kan dit ook elektronies geskied.

GEWORTEL IN AFRIKA (VERVOLG)

Agt temas word by tafels bespreek. Terugvoer word gegee en genl. Fourie reageer. Na afloop van die bespreking word genl. Fourie deur die assessor bedank en in gebed aan die Here opgedra. As blyk van waardering word 'n geskenk aan hom oorhandig.

Die dag se verrigtinge word afgesluit met die aandwyding onder leiding van dr James Kirkpatrick en die begeleidingspan.

TWEEDE SITTINGSDAG
DINSDAG 11 SEPTEMBER 2012

OGGENDSITTING – begin 08:00.

OGGENDWYDING
Die sitting word geopen met 'n gebed deur ds. Attie Nel (Waverley). Die begeleidingsgroep lei die vergadering in die sing van twee liedere. Vervolgens gaan ds. Maartje vd Westhuizen voor in nadenke oor die kneglied in Jesaja 42:1-4. Die slotsom van alles is dat ons as kerk van die Here die roeping het om in Afrika en Suid-Afrika die boodskap van hoop te dra ten spyte van ons eie gebrokenheid.

VERWELKOMING
Die voorsitter heet die volgende persone in die vergadering welkom:

- Prof Nelus Niemand (Moderator van die Algemene Sinode)
- Dr Johann Ernst (Aktuarius van die Algemene Sinode)
- Dr Kobus Gerber (Algemene Sekretaris van die NG Kerk)

LUISTERSPAN
Dr Jan Botha noem 'n aantal sake wat die luisterspan tot dusver onder sinodegangers gehoor het. Oor die algemeen heers daar 'n baie positiewe gees. Aspekte soos die diversiteit van die afgevaardigdes en die rustige manier waarop die moeilike saak rondom die voorgestelde sisteem vir moderatuur, diensraadleiers en SDR hanteer is, is baie positief deur afgevaardigdes beleef. Die uitdagings wat die gesprek van genl. Fourie aan die kerk stel, is as uitdagend en met opgewondenheid ontvang. Daar bestaan 'n gees van entoesiasme oor die toekoms met betrekking tot die rol wat die kerk kan speel.

'N BOOM TUSSEN ANDER BOME – Prof Nelus Niemandt

Prof Nelus Niemandt dra sy gedagtes rondom hierdie onderwerp aan die vergadering voor.
Die vergadering bespreek die onderwerp in groepe by die tafels.

TWEEDE VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN REGTE

2. WYSIGING VAN BEPALINGS NA SINODEBESLUITE
Die aanbeveling by punt 3.3 van die Eerste Verslag van die Sinodale Taakspan Regte word aanvaar.
Na aanleiding van die besluite rakende die verslag Funksionering van Sinodale Strukture, wysig die sinode die volgende bepalings op aanbeveling van die STR.

2.1 Bepaling 35.1 Sinodale Diensraad (SDR)

Wysig om te lees:
35.1.1 Tydens die sinode word daar 'n Sinodale Diensraad (SDR) saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
1. Die moderator, assessor, aktuarius en vyf addisionele lede
2. Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.

4. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
5. Die saakgelastigde van die sinode.

2.2 Bepaling 35.1.4

Wysig om te lees: (Bep 35.1.4.3 ter vergadering gewysig)
35.1.4 Die SDR behartig:
1. Keur die beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokus areas.
2. Fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake.
3 Hanteer hertoelating tot die bediening, appèlle, herindeling van ringe en die Sinode se betrokkenheid by teologiese opleiding.
4. Koördineer en inisieer, in oorleg met ringe, die werksaamhede binne die fokusareas.
5 Kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die sinode.
6 Alles wat deur die sinode aan hom opgedra word om te hanteer tussen sinodes.

2.3 Bepaling 35.2 Diensgroep Koördinering en Bestuur

Wysig om te lees:
Bepaling 35.2 Die Moderatuur
35.2.1 Tydens die sinode word daar 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
1. Die moderator, assessor en aktuarius
2. Vyf addisionele lede.
3. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
4. Die saakgelastigde van die sinode.

Ter inligting:
Sinodebesluit saam met 35.2.1: Vir die interim besluit die Sinode om die Moderatuur uit te brei met die vorige Diensraadsvoorsitters wat nie reeds op die Moderatuur verkies is nie. Hierdie reëling sal geld totdat die SDR oordeel dat die werksaamhede van die vorige struktuur bevredigend in die nuwe struktuur opgeneem is

2.4 Bepaling 35.2.3

Wysig om te lees:
35.2.3 Die Moderatuur tree op as dagbestuur van die SDR en hanteer
1 sake wat deur die sinode of Sinodale Diensraad (SDR) aan hom opgedra is;
2. dag-tot-dag bestuursake;
3. die koördinering van die uitvoering van die diensterreine soos bepaal deur die Sinode en die aanwysing van taakspanleiers;
4. die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te bring;
5. die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode.

2.5 Bepaling 35.3 Diensrade

Verval. Pas numering verder aan.

2.6 Bepaling 35.5 Afvaardiging na Algemene Sinode

Wysig om te lees:
Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:
1. 10 leraars (met sekundi) en 10 ouderlinge/diakens (met sekundi) wat tydens die sinodevergadering verkies word.
2. Die SDR finaliseer die afvaardiging aan die hand van die proporsionele formule van die Algemene Sinode eerstens uit die verkose sekundi lede en indien nodig uit lede van die vorige sinode.

VERSLAE VAN SINODALE DIENSRAAD GETUIENIS (SDG) EN SINODALE DIENSRAAD GEMEENSKAPSBETROKKENHEID (SDGB) (Agenda bl. 60 / 80)

Ds Thinus Grobler en dr Braam le Roux kry elkeen geleentheid om inleidende opmerkings te maak oor die werksaamhede van die diensrade. Die twee diensrade het geoordeel dat dit sinvol is om hulle verslae gesamentlik aan te bied.

Tafelgesprekke word gevoer na aanleiding van die vraag: Watter aksies vanuit die gemeente en gemeenskap na die wêreld maak jou opgewonde?

VERKIESING VAN ADDISIONELE MODERATUURSLEDE
Die volgende persone word genomineer:
Dr Tinus Benadé, ds Hannes Bezuidenhout, dr Jan Botha, dr Gerhard Bothma, dr Willem Boshoff, dr Herman Carelsen, ds Otto Clasen, dr Fanie Cronje, ds Johan de Wet, dr Paul du Plessis, dr Flip du Toit, ds Calvyn du Toit, ds Thinus Grobler, dr Chris Harris, dr Hennie Kotzé, ds Petrus Kriel, dr Niekie Lamprecht, dr Braam le Roux, dr Kobus Myburgh, ds Attie Nel, oudl Lion Pienaar, dr Willem Pretorius, ds Jan Pretorius, ds Francois Smit, dr Gerrie Stydom, dr Johan van den Heever, dr Michiel van der Merwe, ds Maartje van der Westhuizen, dr André van Niekerk en dr Philip Venter

11:00 Teetyd

Inligtingstuk: "DiensGetuienis" word tydens teetyd versprei.

DINSDAG 11 SEPTEMBER
OGGENDSESSIE 2 11:30

VERSLAE VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GETUIENIS (SDG) EN DIE DIENSRAAD VIR GEMEENSKAPSBETROKKENHEID (SDGB) (vervolg)

Ds Thinus Grobler stel di Martiens Swart en Ernst Muller voor, wat met behulp van gesprekke sekere aspekte van die terrein van diensgetuienis toelig.

Ds Martiens Swart lei die gesprek met:
- Moss Nthla, Ebenezer Bible Church.
- Peter Tarantal, professionele sendeling en internasionale sendingleier.
- Willie Botha, direkteur INSERV.

Ds Ernst Muller lei die gesprek met:
- Ds Andries Schwartz, PEN.
- Ds Leon Taite, SA-verteenwoordiger Sending sonder Grense.
- Ds Johan van Loggerenberg, voorsitter Gesamentlike Kommissie vir Evangelieverkondiging in Frankryk.
- Ds Emil Haarhoff, betrokke by RCZ en Morgenster.
- Ds Fanie Scheepers, betrokke by EEIII.

Eerste stemming vir vyf addisionele moderatuurslede vind plaas.

Ds Thinus Grobler lei die gesprek met:
- Ds Hannes Peens, fasiliteerder van Limpopo-Wes Evangelisasieforum.
- Oudl Pieter Prozesky, fasiliteerder van Judea Getuienisforum.
- Lesetja Raboschakgo, onder-voorsitter van Judea Getuienisforum.

Tafelgebed: Ds John Vosloo (Marikana).

DINSDAG 11 SEPTEMBER
MIDDAGSESSIE 15:00

Die moderator verwelkom die afgevaardigdes uit London, Zimbabwe en Zambië by die vergadering.

VERSLAE VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GETUIENIS (SDG) EN DIE DIENSRAAD VIR GEMEENSKAPSBETROKKENHEID (SDGB) (vervolg)

Dr Braam le Roux lei die gesprek met:
- Montagu Murray, direkteur by Nova Instituut.
- Dr Marinda van Niekerk, uitvoerende bestuurder PEN.
- Ds Francois Smit, hoof van pastoraat by PEN.

Tweede rondte van stemming vir vyf addisionele moderatuurslede vind plaas uit:

Drr Thinus Benade, Jan Botha, Herman Carelsen, Flip du Toit, di Thinus Grobler, Petrus Kriel, drr Braam le Roux, Willem Pretorius, Michiel van der Merwe, ds Maartje van der Westhuizen.

Ds Danie van Rensburg (skriba van SDGB) lei die gesprek met:

- CMR (Me Edelweiss Schieke).
- Visions of hope (Ds Zelda Kotze).
- Hulp in elke behoefte (HIEB) (Ds Hannes Bezuidenhout).
- PEN (Me Sharaine Steenberg).
- Tshwane North Outreach (Ds Sonika Kruger).
- Kamcare (Dr Willem Pretorius).
- Mootcare (Dr Jan Botha).

VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GETUIENIS (SDG)(vervolg)

Die vergadering neem kennis van die verslag en **keur die volgende aanbevelings goed** (Agenda bl. 65, ter vergadering deur die SDG aangevul):

Die Sinode
12.1 Verbind hom opnuut tot sy uitreikroeping soos verwoord in die Reglement vir die Sending/ Getuienis van die NG Kerk (Reglement 15:2007:1.4) in die bediening van *"die evangelie in al sy dimensies aan mense buite die kerk".*
12.2 Herbevestig sy medewerking met al die lede van die NGK-familie as gelyke vennote in die bediening van die Koninkryk in al sy dimensies aan die mense van ons gebied, en daarbuite.
12.3 Vereenselwig hom opnuut met die liggame en netwerke wat oor die hele Afrika en die res van die wêreld besig is om die omvattende heil in Christus aan die mensdom in woord en daad te verkondig.
12.4 Moedig gemeentes en diensgroepe aan om kennis te neem van, en studies te maak van, belangrike internasionale missionêre oproepe soos die volgende:
12.4.1 *"The Accra-Verklaring"* (by www.ngkerk.org.za/wesensuidkaap/dokumente)
12.4.2 *"The Cape Town Commitment"* (www.lausanne.org/en/documents/ctcommitment.html)
12.5 Moedig ringe en kerklike vennootskappe aan om, in die beplanning van gesamentlike uitreikprojekte, samewerking met ekumeniese missionêre netwerke na te streef.
12.6.1 Moedig lidmate aan om die waarheid van die verlossingboodskap in elke situasie prakties uit te leef en om die krag van 'n persoonlike getuienis oor hulle verlossing, te besef en te gebruik.
12.6.2 Moedig lidmate opnuut aan om hulle eie roeping en bediening te aanvaar en uit te leef daar waar God hulle in werkplekke en in 'n netwerk van verhoudinge geplaas het.
12.6.3 Leraars en kerkrade word opgeroep om die strategiese impak van hierdie eietydse bediening op die markplein te benut deur gelowiges te mobiliseer, hulle daarvoor toe te rus en uit te stuur as getuies.
12.6.4 Moedig gemeentes hiermee aan om, gehoorsaam aan die opdrag van die Christus, 'n eietydse, praktiese evangelisasie-/uitreikbediening daar te stel.

VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GEMEENSKAPSBETROKKENHEID (SDGB) (vervolg)

Die vergadering neem kennis van die verslag en **keur die volgende aanbevelings goed** (ter vergadering deur die SDG voorgelê):

Goedgekeur: 1. Die sinode neem met dankbaarheid kennis van al hoe meer gemeentes wat op vindingryke wyse, onder andere deur stigting van NWO's, daarin slaag om die groot uitdaging rondom sosiale probleme aan te spreek.
2. Die sinode moedig gemeentes aan om opnuut deur gemeenskapsgerigte projekte hulle roeping en identiteit te vind en uit te leef.
3. Die sinode versoek die SDR om te verseker dat die NWO's wat uit gemeentelike, rings- en sinodale werksaamhede tot stand kom, verteenwoordiging geniet op sinodale taakspanne.
4. Die sinode versoek die SDR om te verseker dat die gesonde netwerk wat reeds tussen die diensorganisasies en NWO's bestaan, binne 'n nuwe struktuur behoue sal bly.
5. Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die werk wat die CMR namens die sinode doen in gemeentes en die groter gemeenskap die afgelope 75 jaar.
6. Die Sinode herbevestig sy verhouding met die CMR as vennoot om maatskaplike dienste vir die

gemeentes te lewer.

Dr Braam le Roux doen 'n gebed by die afsluiting van die verslag.

Verkiesing van addisionele moderatuurslede - derde rondte van stemming:
Alreeds verkies met volstrekte meerderheid: drr Willem Pretorius, Michiel van der Merwe en ds Maartje van der Westhuizen.
Stem vir twee van drr Herman Carelsen, Flip du Toit en Braam le Roux.
Drr Herman Carelsen en Braam le Roux word verkies.

VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD ONDERSTEUNING (SDO) (Agenda bl. 48)

Dr Michiel van der Merwe lei die verslag in.
Die vergadering neem kennis van die verslag. Die volgende aanbevelings in die verslag word **goedgekeur**:

2.2.3.2 Sinodale bydraes relatief tot gemeente-inkomste en -dravermoë

***7. Goedgekeur: Die Sinode versoek ringe om, in onderhandeling met gemeentes oor bydraes vir die sinodale verband, die riglyn van die SDO toe te pas soos in 2.2.3.2 uiteengesit.**

2.3.2 Mediese skema

***3. Goedgekeur: *3.1 Die Sinode versoek ringe om gemeentes in hulle gebied te motiveer om al hulle personeellede by die mediese groepskema van die Sinode, naamlik Bestmed Mediese Skema, in te skakel met die uitsondering van lede wat as afhanklike by hulle gades se skema inskakel.**
***3.2 Die Sinode bevestig dat bestaande subsidies vir emeriti/pensioenarisse slegs betaal word aan lede wat ingeskakel is by die groepskema, met die uitsondering van lede wat as afhanklike by hulle gades se skema inskakel, aan wie 'n enkel subsidie betaal word.**

2.3.3 Finansiële posisie van emeriti en pensioenarisse

***2. Goedgekeur: Die Sinode versoek ringe om, waar nodig, aandag te gee aan die nood van emeriti en pensioenarisse in hulle onderskeie gebiede, onder andere deur gemeentes te motiveer om spesifiek om te sien na die behoeftes van hierdie lidmate.**

Die assessor bedank die sinodale kantoorpersoneel vir toegewyde diens.

Die notule van die 1ste sittingsdag Maandag 11 September 2012 word goedgekeur.

VERKIESING AKTUARIUS
Die volgende name word op die groslys geplaas: drr Dewyk Ungerer, Paul du Plessis en ds Deon Strauss.

Reflektering in ringe vind plaas.

Tafelgebed: Teologiese student Claudi Opperman.

Die vergadering verdaag vir ete.

DINSDAG 12 SEPTEMBER
AANDSESSIE 19:00

AANKONDIGING VAN VERKOSE ADDISIONELE MODERATUURSLEDE

Die voorsitter bevestig die volgende persone as addisionele lede tot die moderatuur verkies is:
Dr Herman Carelsen
Dr Braam le Roux
Dr Willem Pretorius
Dr Michiel van der Merwe
Ds Maartje van der Westhuizen
In gevolge die gewysigde besluit van die Sinode met betrekking tot die funksionering van sinodale strukture word ds Thinus Grobler aangewys as tydelike lid van die moderatuur.

VERKIESING VAN AKTUARIUS

Dr Dewyk Ungerer word verkies tot aktuarius.

Die nuutverkose assessor, ds Paul Grobler, bedank die uittredende moderatuur en DKB vir hul diens en toewyding gedurende hulle ampstermyn. Die vergadering sing hulle die seënbede uit Lied 268 toe.

DIE NUWE MODERATUUR

Die volledige nuwe moderatuur bestaan uit die volgende lede:
Moderator: dr Gustav Claassen
Assessor: ds Paul Grobler
Aktuarius: dr Dewyk Ungerer
Addisionele lede: drs Herman Carelsen, Braam le Roux, Willem Pretorius, Michiel van der Merwe, ds Maartje van der Westhuizen en ds Thinus Grobler (tydelik)
Ampshalwe, adviserend: dr Gerrit Cloete (PSD) en mnr Johan Kruger (saakgelastigde).

TERUGVOER VAN LUISTERSPAN
Ds Wimpie Jordt gee terugvoer oor die vrae wat geformuleer is rondom kerkeenheid en die Belydenis van Belhar tydens die reflektering van ringe voor die aandete. Prof Nelus Niemand beantwoord die volgende gekompileerde vrae:

- Eenheid
  - Hoe kan eenheid lyk?
  - Prakties
  - Hoe gaan dit ons dag-tot-dag gemeentewees raak?
  - Hoe gaan ons, ons ryke diversiteit vier binne die nuwe eenheid?
  - Is daar nie te groot teologiese verskille binne die NG Kerk?
  - Kan die eenheidsproses nie spontaan gebeur eerder as “besluite van bo”?
  - Wat bring eenheid?
  - Kan ons geloofwaardig wees sonder eenheid?
  - Watter vrese weerhou ons van eenheid?
  - Watter gevoel van verlies is daar by ons lidmate wat die eenheidsproses beïnvloed?

Dr Willem Boshoff verskaf op versoek van prof Niemandt nadere toeligting oor verlies, treur en rou binne veranderende omstandighede

- Belydenis van Belhar
  - Is Belhar ‘n belydenisskrif en voldoen dit aan die vereistes van ‘n belydenisskrif?
  - Is Belhar nie meer verdelend?
  - Hoekom is Belhar so belangrik vir die VGKerk? Waarom is dit ‘n voorwaarde?
  - Gaan Belhar ‘n eenheid waarborg?
  - Hoe maak ons politiek en teologie los van mekaar?
  - Kan ons nie maar Belhar aanvaar en aangaan....

- Tendense op kerklike terrein
  - Bring die kos-gee in Marikana versoening? Wat het die NG Kerk gedoen?
  - Hoekom het die Algemene Sinode die geleentheid van versoening met die NGKA in 2011 laat verbygaan terwyl die geleentheid daar was?
  - Wat het jou hart laat verander oor Kerkeenheid?

Dr Kobus Gerber gee inligting in verband met die rol wat die NG Kerk tot dusver gespeel het in die situasie by die Lonmin myn by Marikana.

Dr Gustav Claassen bedank prof Nelus Niemandt vir die rol wat hy vandag by die sinodesitting gespeel het en versoek prof Malan Nel om hom en die Moderatuur van die Algemene Sinode in gebed aan die Here op te dra. Teologiese student Willem Pretorius oorhandig ‘n geskenk aan prof Nelus Niemandt.

AANDWYDING
Die vergadering sing enkele liedere saam, waarna dr James Kirkpatrick ‘n kort snit van ‘n lied van Leonard Cohen laat voorspeel. Die kernsin uit die lirieke van hierdie lied is “There’s a crack in everything, that’s where the light gets in.” Aansluitend hierby lees hy Jesaja 42:6 om die klem te plaas op die gebrokenheid van

diegene wat deur die Here geroep word en die versekering dat dit Hy is wat by sy geroepene teenwoordig is. Hy sluit die vergadering deur voor te gaan met die woorde van 'n gebed van Dietrich Bonhoeffer.

DERDE SITTINGSDAG
WOENSDAG 12 SEPTEMBER

Die oggendwyding word gelei deur ds Lizl-Louise Schoeman (Valhalla) na aanleiding van die kneglied in Jes 50:4-9.

OGGENDSESSIES 1 en 2

Dr Jan Botha gee terugvoer vanaf die luisterspan:

- Positiewe betrokkenheid word beleef regdeur die Sinode.
- Boom-metafoor is aangrypende simbool.
- Nadenke oor die kerk is ryker as in die verlede.
- Daar word gegroei na mekaar toe.
- Groter openheid teenoor mekaar word beleef.
- Hier is bruikbare inligting vir toepassing in die gemeentes.
- Verskillende belewenisse rondom Belhar word waargeneem.

"WAT VRUG DRA OP SY TYD"

Prof Kobus Schoeman (Universiteit van die Vrystaat, Departement Praktiese Teologie) gee inligting oor gemeentes en leraars, veral vanuit die resultate van Kerkspieël.

VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GEMEENTEONTWIKKELING (SDGO) (Agenda p 95)

Kennis geneem van die verslag.
Dr Willem Pretorius lei die gesprek in waarna persone uit verskillende gebiede van die sinodale gebied vanuit hulle plaaslike omstandighede inligting met die vergadering deel:

- Dr Hennie Kotze – Rustenburg
- Ds Jannie Hamman – Ellisras
- Ds Anton Kemp – Messina
- Ds Manie Groenewald – Raslouw
- Dr Jan Botha – Mootvallei
- Ds Deon Haumann – Pietersburg
- Ds Fritz Snyman – Universiteitsoord
- Ds Johan Avenant – The Reeds
- Ds Lizette van Rooyen – Magalieskruin
- Ds Fouche de Wet (Ritmejaar) – Suidoos Pretoria
- Prop Theodore van der Spuy (Ritmejaar)
- Teologiese student Willem Pretorius (Ritmejaar)
- Ds Anru Liebenberg (Ritmejaar) – Waverley
- Me Jeanne Mouton (Vrouebelange) – Montana.

Die assessor verwelkom ds Hugo van der Linde (assessor Sinode Hoëveld) en dr Francois Sieberhagen van die Bybelgenootskap. Hy bedank die Bybelgenootskap vir die borg van die dokumentsakke by die sinode.

Die vergadering verdaag vir tee.

VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GEMEENTEONTWIKKELING (SDGO)
(Vervolg)

2.2 Die taakspanne

***4. Goedgekeur: Die sinode vra gemeentes om die Ritmejaar aan hulle jongmense bekend te stel.**

2.2.3 Studente

***2. Goedgekeur: Die sinode gee opdrag**
***2.1 Dat die gesprekke rakende die bediening aan studente moet voortgaan;**
***2.2 Dat die gesprek tussen SDO (finansies) en studentegemeentes moet voortgaan.**

2.2.9 Goedgekeur: Die sinode sal in sy herbesinning moet seker maak dat hierdie taakspanne en hulle strategiese besinning nie verlore gaan nie.

VERSLAG SINODALE TAAKSPAN VIR PREDIKANTEBEGELEIDING (Agenda p 15-18)

Kennis geneem van die verslag

Die Sinode kyk na 'n Powerpoint-aanbieding van kort onderhoude met van die sinode se predikante oor hulle belewenis van hulle werk waarin hulle vreugdes en frustrasies deel.

Tafelgesprekke word gehou oor die vraag wat in gemeentes gedoen kan word om predikante beter te versorg.

7.9 Goedgekeur:
7.9.1 Die Sinode dra dit aan die Moderatuur en SDR op om voort te gaan om op die beste wyse, ter ondersteuning van wat in ringe gebeur, aan die sake wat tot Predikantebegeleiding behoort (sien punte 2- 6 hierbo) aandag te gee.
7.9.2 Die sinode versoek die Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding om in noue samewerking met ringe voortgaande en dringend aan die sake in 7.1-7.8 genoem, aandag te gee.

Die moderator bedank prof Malan Nel vir jare se toegewyde diens aan die Here, die Noordelike Sinode en die kerk in die breë en oorhandig 'n boek van boodskappe van die sinodegangers aan hom.

Die Sinode sing hom toe "Laat Heer U seën op hom daal" (LB 268).

LOS VOORSTELLE
Die aktuarius lê twee voorstelle voor wat in die loop van die vergadering ingedien is. Beide voorstelle word na die SDR verwys vir hantering.

***1 Afvaardiging na die Algemene Sinode**

Voorstel (P J Kriel/LA Badenhorst) word verwys na SDR vir hantering:
Die Noordelike Sinode besluit om in gesprek met die Algemene Sinode se toepaslike stukture/kommissies te gaan om die getal afgevaardigdes weer 'n maksimum van 400 lede te maak.

***2 Besluite van die Algemene Sinode**

Voorstel (PJ Kriel/E Jacobs) word verwys na SDR vir hantering:
Die sinode dra dit aan die SDR op om 'n taakspan saam te stel om die oënskynlike innerlike teenstrydighede van die Algemene Sinode se besluite oor ongetroud saambly, die viering van die afsterwe van die ou mens en opstanding van die nuwe met seremonies naas die doop en die uitdryf van duiwels om akkomodering van die ontkenning van die bestaan van engele, te bestudeer en met die resultate met die Algemene Sinode in gesprek te tree en met gemeentes en ringe te deel.

TWEEDE VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN REGTE (LOS STUK)

Wysiging van bepalings:

1.1 Bepaling 7.3.1

Word gewysig om te lees:
7.3.1 'n Beroep mag alleen uitgebring word
7.3.1.1 nadat die kerkraad die ring/ringskommissie oortuig het
***1 van die noodsaaklikheid van die vulling van vakature;**
***2 van die opsies wat oorweeg is (voltyds / tentmaker / termynpos);**
***3 van die finansiële volhoubaarheid van die pos; en**
7.3.1.2 nadat die ring/ringskommissie die advies van die sinodale kantoor ingewin het.

1.2 Bepaling 18.22 (Nuwe bepaling)

Goedgekeur: Telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings
18.22.1 Telefoon- en elektroniese vergaderings vir die taakspanne (sluit diensrade/diensgroepe in) van die Noordelike Sinode is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:
1.1 Die vereistes vir die telefoonvergadering is dieselfde as wat geld vir 'n gewone vergadering van die taakspan onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.
1.2 Die notule van so 'n vergadering word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.
18.22.2 Die prosedure is soos volg:
2.1 Die Dagbestuur van die taakspan stel 'n verslag op in verband met die saak waaroor die taakspan besluit(e) wil neem. In die verslag word die sake waaroor en die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.
2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die taakspan versend.
2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat voorgelê is vir stemming betuig het.
2.4 Die notule van so 'n stemming word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.

2.3 Bepaling 35.2 Die moderatuur
Ter wille van duidelikheid wysig die sinode die bepaling soos dit tydens die behandeling van die Verslag Sinodale Strukture goedgekeur is. Die bepaling word gewysig om te lees:

Bepaling 35.2 Die Moderatuur
35.2.1 Tydens die sinode word daar 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
1. Die moderator, assessor en aktuarius
2. Vyf addisionele lede.
3. Adviserend: die sinode se predikant in sinodale diens, wat ampshalwe as skriba optree, en die saakgelastigde van die sinode.

EERSTE VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN REGTE (Agenda bl 58)
Kennis geneem van die verslag.

2. BEVOEGDHEIDSRAAD

2.5 Goedgekeur: Indien 'n ring besluit om van 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam gebruik te maak vir 'n tug- of dissiplinêre ondersoek, moet die ring twee kundige lidmate op aanbeveling van die Sinodale Taakspan Regte as lede van die ondersoekliggaam benoem.

3. HERSIENING VAN BEPALINGS

3.2.1 Bep 5

Word gewysig om te lees:
Die Sinode besluit dat bepaling 5 verval maar versoek die STR om 'n reglement vir die kuratorium van die teologiese fakulteit Pretoria saam te stel na oorleg met die GSK en die drie ander sinodes in die Noorde.

3.2.2 Bep 7.1.2

Word gewysig om te lees:
7.1.2 Emeriti jonger as 65 jaar wat kwalifiseer en in Kerkbode bekendgestel is (vgl Bep 14.3).
7.1.3 Emeriti ouer as 65 jaar wat kwalifiseer aan die hand van die Reglement vir Vaste Termynposte.

3.2.3 Bep 7.2.3

Word gewysig om te lees:
Leraars wat afgesonder word vir diens in die sending/getuienis waar daar nog geen gemeente van die NG Kerkfamilie bestaan nie, kan beroep word deur een of meer kerkrade of deur die ring. Beroeping kan ook plaasvind deur die Sinodale Diensraad.

3.2.4 Bep 7.3.9 (nuwe bepaling)

Goedgekeur: Die voorsitter van die vergadering sien toe dat die beroepsbrief (diensaanbod) opgestel en met behulp van 'n verteenwoordiger van die ringskommissie gefinaliseer word. Die beroepsbrief word deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken.

3.2.5 Bep 7.4.2

Goedgekeur: Voeg by: 7.4.2.4 die voorgestelde diensooreenkoms.

3.2.6 Bep 7.4.3

Word gewysig om te lees:
Nadat die beroep deur die ringskommissie gekontroleer is, word die beroepsbrief en die voorgestelde diensooreenkoms aan die beroepene gestuur.

3.2.7 Bep 7.7.1

Word gewysig om te lees:
By oorhandiging/versending van die beroepsbrief en die voorgestelde diensooreenkoms aan die beroepene, word 'n tyd afgespreek waarop daar oor die inhoud van die diensooreenkoms onderhandel kan word. Nadat onderhandelinge plaasgevind het en die diensooreenkoms vasgestel is, moet die beroepene binne 'n week - of anders soos ooreengekom - sy finale antwoord gee, en word die diensooreenkoms by ondertekening daarvan van krag.

3.2.8 Bep 7.7.2 (Nuwe bepaling)

Goedgekeur: Die finale diensooreenkoms soos ooreengekom tussen die kerkvergadering en die beroepene word vir finale kontrolering aan die ring/ringskommissie voorgelê.

3.2.9 Bep 7.10.2 (Nuwe bepaling)

Goedgekeur: Alle beroepe vir vaste termynposte geskied volgens die Algemene Sinode se Reglement vir Vaste Termynposte (Reglement 13, Kerkorde 2011).

3.2.10 Bep 8.1.2 (Nuwe bepaling)

Goedgekeur:
'n Verteenwoordiger van die ring/ringskommissie kontroleer die volgende stukke voordat 'n akte van demissie uitgereik word:
***1. Die geskrewe verklaring van die beroepene waarin hy te kenne gee dat hy die beroep aanneem (vgl bep 8.1.1);**
***2. 'n Gekrewe verklaring van die kerkraad waarin hy te kenne gee dat die kerkraad beoog om die beroepene van die gemeente los te maak;**
***3. Die datums van diensbeëindiging en diensaanvaarding in die nuwe werkkring (vgl 8.2.3 soos gewysig).**

3.2.11 Bep 8.2.3

Word gewysig om te lees:
Die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente, of diensaanvaarding in diens van die kerkverband, geskied op 'n datum soos ooreengekom. Die bevestiging moet so gou doenlik geskied, maar hoogstens een maand nadat die leraar demissie ontvang het, tensy verlof van die beroepende vergadering en die betrokke ringskommissie verkry is aangesien die beroepende kerkraad finansieel aanspreeklik is vanaf datum van demissie.

3.2.12 Bep 8.3.2

Word gewysig om te lees:
Die voorsitter van die beroepende vergadering gee aan die ABR, die saakgelastigde van die Sinode en in Kerkbode kennis van die bevestiging of diensaanvaarding.

3.2.13 Bep 11.1

Word gewysig om te lees:
Die skriba van die Ringskommissie gee van alle gevalle van uittrede uit die diens deur bedanking of verlies van ampsbevoegdheid aan die Saakgelastigde van die Sinode kennis sodat:
1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.
2. die skriba van die Algemene Bevoegdheidsraad in kennis gestel word.
3. die Predikante Pensioenfonds ingelig word.

3.2.14 Bep 13.2.1 (Nuwe bepaling)

Goedgekeur: Elke leraar ontvang 'n vergoedingspakket soos ooreengekom en met inagneming van sinodale besluite, reglemente en riglyne. Die vergoedingspakket sluit minstens die volgende in:
1. 'n Traktement soos deur die sinode aanbeveel;

2. Gebruiklike toelaes soos deur die sinode aanbeveel wat insluit:
*** 'n Reistoelaag;**
*** 'n Vry woning of 'n behuisingsubsidie;**
*** Kommunikasievoordele vir amptelike gebruik;**
*** 'n Werknemersbydrae vir mediese- en pensioenfonds;**
*** Verlof aan die hand die Reglement van Verlof van Predikante en Sinodale amptenare.**

3.2.15 Bep 14.2

Word gewysig om te lees:
Die emeritus gee kennis van emeritaat aan die Saakgelastigde van die Sinodale Kerkkantoor, sodat:
1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.
2. die Algemene Bevoegdheidsraad in kennis gestel kan word.

3.2.16 Bep 14.3

Word gewysig om te lees:
Enige predikant wat om watter rede ook al emeritaat aanvaar het, maar wat volgens ouderdom nog sou kon kwalifiseer om beroep te word en wat begeer om tot die bediening terug te keer, moet daarvoor aansoek doen by die Sinodale Taakspan Regte. Die aansoek, waarin verklaar word dat die emeritus in staat is om weer voltyds diens te aanvaar, moet 'n aanbeveling van die ring waar hy woon, asook 'n mediese sertifikaat van 'n geneesheer wat deur die Sinodale Taakspan Regte aangewys is, bevat. Kennis van die beroepbaarstelling met stawende dokumentasie word aan die Algemene Bevoegdheidsraad gestuur.

3.2.17 Bep 14.4.2

Word gewysig om te lees:
14.4.2 Tentmakers / termynposte: vergelyk Reglemente 12 en 13 (Kerkorde 2011).

3.2.18 Bep 14.5

Word gewysig om te lees:
As 'n predikant te sterwe kom, en hy/sy laat 'n wewenaar/weduwee en/of afhanklike kinders na, betaal die werkgewer 'n bedrag gelykstaande aan die volle traktement en alle toelaes wat vir ses maande lank aan die betrokke pos verbonde sou wees, aan sy afhanklikes uit. Waar die werkgewer 'n gratis woning voorsien het, voorsien die werkgewer ook doeltreffende huisvesting of 'n huistoelaag vir ses maande (volgens die skaal soos bepaal deur die Algemene Taakspan Fondse). Die werkgewer kan die uitgawes vanaf die verpligte addisionele groeplewensversekeringskema verhaal.

3.2.19 Bep 15.4.1

Word gewysig om te lees:
15.4.1 Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal en behoort nie langer as vier jaar te wees nie.
***15.4.2 'n Kerkraadslid word gekies vir 'n bepaalde dienstermyn. By verstryking van die dienstermyn kan die dienstyd op versoek van die kerkraad en met instemming van die betrokkene verleng word sonder verdere bevestiging.**

3.2.20 Bep 18.21.2

Word gewysig om te lees:
Besluite van die ring en sinode is van krag sodra die vergaderingsnotule goedgekeur is behalwe as die ring/sinode anders besluit.

3.2.21 Bep 29.1.4 (Nuwe bepaling)

Goedgekeur: 29.1.4 Ringe kan onderling met mekaar in verband tree ten opsigte van gesamentlike werksaamhede:
29.1.4.1 Waar ringe saamwerk, vind dit plaas in terme van 'n ooreenkoms tussen die ringe onderling.
29.1.4.2 Waar ringe in so mate saamwerk dat die behoefte ontstaan om een nuwe ring te vorm neem die betrokke ringe ter vergadering 'n besluit om saam te smelt. Nadat die samesmeltingsooreenkoms deur beide ringe goedgekeur is en die Sinodale Diensraad die samesmelting goedgekeur het, konstitueer die nuwe ring.

3.2.22 Bep 30.1.1

Word gewysig om te lees:
In ooreenstemming met Artikel 30.1 en 30.2 mag elke kerkraad net soveel ouderlinge/diakens afvaardig as wat daar predikantsposte in die gemeente is. Alle predikante, ook predikante in tentmakers- of vaste termynposte, behoort afgevaardig te word.

3.2.23 Bep 31.2.1.1

Word gewysig om te lees:
Voor die einde van die gewone vergadering van die ring word daar 'n ringskommissie gekies. Die ringskommissie kan op een van die volgende maniere saamgestel word:
1. Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi);
2. Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi) wat uitgebrei kan word
2.1 of met 2 ouderlinge/diakens (met sekundi);
2.2 of met een verteenwoordiger per ringsgemeente (met sekundi).
3. Lede van die Ringskommissie kan nie vir meer as twee termyne verkies word om die vergadering in dieselfde hoedanigheid te dien nie. Die persoon kan daarna wel in een van die ander hoedanighede verkies word.

3.2.24 Bep 32.2.9.3

Word gewysig om te lees:
Geen persoon mag by meer as twee gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.

Mnr Eugene Kruger word deur dr Dewyk Ungerer bedank vir jarelange betrokkenheid by die STR.

WOENSDAG MIDDAGSESSIE - begin 15:00

LUISTERSPAN
Ds Wimpie Jordt hou die sake wat deur die luisterspan gehoor is, aan die vergadering voor. Daar het veral twee sake na vore gekom:
*1 Die verlies wat lidmate die afgelope jare beleef het, is ‘n oorweldigende werklikheid wat mense tot vandag baie negatief beïnvloed. Die luisterspan suggereer dat die SDR geleentheid skep om die pyn van die verlede te help verwerk.
*2 Oor die Belydenis van Belhar het die luisterspan gehoor dat daar nog baie is wat ons by mekaar sal moet hoor voordat daar bevredigend oor die saak besluit sal kan word. Standpunte is nie noodwendig onversoenbaar nie maar die proses sal so bestuur moet word dat daar baie gesprek en luister hieroor moet plaasvind.

ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD

Ds Marius Cornelissen, voorsitter van die Algemene Bevoegdheidsraad, hou enkele sake in verband met die ABR aan die vergadering voor. Hy stel vervolgens vir dr. Dewyk Ungerer, die bestuurder van die ABR, aan die woord wat aan die hand van ‘n powerpoint aanbieding breedvoerig verduidelik hoe die ABR funksioneer. Ds Cornelissen vat die voorlegging saam en sluit die gesprek af.
Dr Ungerer reageer op ‘n aantal vrae vanuit die sinode.

VOORSTEL (nie aanvaar nie):
Die sinode besluit om die ABR deel van die gewone bydrae van die sinode tot die werksaamhede van die Algemene Sinode te maak. (PJ Kriel/JA Botha)

OUDSTE EN JONGSTE LERAARS OP DIE SINODE
Die moderator bedank leraars wat voor die volgende sinode aftree vir hulle jare van toegewyde diens aan die kerk en gemeentes. Namens die sinode word hierdie leraars voorspoed vir die toekoms toegewens. Ds (emeritus) Piet Smit (Warmbad-Wes) dra die leraars aan die Here op in gebed.

Die moderator verwelkom leraars wat sedert die vorige sinode as proponente in gemeentes bevestig is. ‘n Welkomswoord word ook gerig aan leraars wat sedert die vorige sinodesitting uit ander sinodes by die Noordelike Sinode aangesluit het.

Ds Thinus Grobler, die afgevaardigde leraar met die langste diens en die oudste in jare, oorhandig ‘n geskenk aan ds Jan-Hendrik du Plessis (Rusteburg-Proteapark) as die leraar wat mees onlangs in die bediening bevestig is.

VERTEENWOORDIGERS (vgl Bepaling 35.4): VERSLAG VAN DIE MODERATUUR

1. WYSIGING AAN BEPALING

Bepaling 35.4 word gewysig om te lees:
Persone wat die sinode in die volgende instansies verteenwoordig word soos volg aangewys:
***1 Deur die sinode op aanbeveling van die moderatuur:**
***1.1 Kuratorium Teologiese Fakulteit Pretoria : 4 lede met sekundi.**
***1.2 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Stellenbosch : 1 lid met sekundus.**
***1.3 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Bloemfontein : 1 lid met sekundus.**
***2 Deur die SDR op aanbeveling van die moderatuur:**
***2.1 Die Gesamentlike Kommissie vir die Vier Transvaalse Sinodes (GSK) (vgl GSK-reglement).**
***2.2 Bybelgenootskap van Suid-Afrika**
***2.3 Gesamentlike Sending Mosambiek**
***2.4 TOIBO**
***2.5 SKDB Maatskappy**
***3 Vakatures word deur die SDR aangevul op aanbeveling van die moderatuur.**

2. VERTEENWOORDIGERS KURATORIA

Die aanbeveling van die moderatuur word **goedgekeur:**

2.1 Kuratorium Pretoria:
***1 Die sinode kies die verteenwoordigers uit 'n groslys wat deur die moderatuur voorberei en deur die vergadering aangevul kan word:**
***1.1 Twee verteenwoordigers uit die plattelandse ringe, en**
***1.2 Twee verteenwoordigers uit die stadsringe.**
***2 Die twee persone uit elke groepering met die meeste stemme word as primarii aangewys en die twee persone met die volgende meeste stemme as sekundi.**
***3 Die volgende persone word verkies as verteenwoordigers op die Kuratorium Pretoria:**
Primarii (stedelike ringe): Gustav Claassen en Ronel Meylahn; sekundi: Fanie Cronjé en Herman Carelsen.
Primarii (plattelandse ringe): Chris Harris en Hennie Kotze; sekundi: Gerhard Bothma en Christiaan Gericke.

Die verteenwoordigers Kuratorium Pretoria is verkies uit 'n groslys bestaande uit:
Stedelike ringe: Herman Carelsen, Gustav Claassen, Fanie Cronje, Fanie Cronje, Ronel Meylahn, Kobus Myburgh;
Plattelandse ringe: Gerhard Bothma, Christiaan Gericke, Chris Harris, Hennie Kotze, Petrus Kriel, Philip Venter.

2.2 Kuratorium Stellenbosch:
Goedgekeur: Dr Flip du Toit (primarius); dr James Kirkpatrick (sekundus).
2.3 Kuratorium Bloemfontein:
Goedgekeur: Dr Jan Botha (primarius); ds Deon Strauss (sekundus).

BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011 OOR KERKHERENIGING (Agenda bl 34)
Die voorsitter neem die verslag in behandeling en laat ruim geleentheid vir bespreking toe. Dr Gerrit Cloete nooi afgevaardigdes uit om opmerkings, kommentaar en voorstelle met betrekking tot die verslag na die kantoor van die skriba te stuur. Hy onderneem om dit te kompileer en by die SDR te laat dien en via die SDR na die algemene sinode deur te stuur.

BELYDENIS VAN BELHAR (Agenda bls 39)
Staan oor tot Donderdagoggend se sitting.

Tafelgesprekke word gevoer oor die onderstaande vrae:

- Wat maak jou opgewonde oor wat jy vandag gehoor het?
- Wat maak jou bekommerd oor wat jy vandag gehoor het?
- Waaraan moet die sinode gedurende die volgende vier jaar aandag gee?

AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE
Nominasies word voorberei vir die stemming.

AANDWYDING
Die begeleidingspan lei die sinode in inspirerende sang. Dr James Kirkpatrick lei die aandwyding met Skriflesing uit Ps 30:11-12 en gebed uit Ps 103.

VIERDE SITTINGSDAG
DONDERDAG 13 SEPTEMBER

Die oggendwyding word gelei deur ds Fouche de Wet (Suidoos-Pretoria) vanuit die kneglied van Jes 49:1-6.

EERSTE OGGENDSESSIE

VERKIESING VAN AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE OKTOBER 2013

Die volgende aanbeveling van die moderatuur word aanvaar:
1. Die Sinode dra dit aan die SDR op om uitvoering te gee aan die Bepaling 35.5 nadat die Algemene Sinode die getal afgevaardigdes bepaal het.
2. In die samestelling van die afvaardiging na die Algemene Sinode moet die SDR leierskap, kundigheid en verteenwoordiging in ag neem.

BELYDENIS VAN BELHAR (Agenda bl. 39)
Bylae 7; Vgl SDR-verslag pt. 4.4
Kennis geneem van die verslag.

Ds Immanuel van Tonder (Lynnwood) lei gesprek oor die Belydenis van Belhar in. Bespreking word in die vergadering gevoer.

Voorstel: (IA van Tonder/GJ Cloete) Goedgekeur - Die Sinode versoek Kerkrade en ringe om:
1. Positief saam te werk aan die proses wat die Algemene Sinode daargestel het;
2. Aktief aan die gesprekke, soos gefasiliteer deur die ASM, deel te neem;
3. Tot aan die einde van die voorgestelde proses deel te neem.

Die moderator wens dr André van Niekerk (Waterkloof) geluk met die uitnodiging om in Duitsland ‘n referaat te lewer.
Dr Christo Herbst (Warmbad) word gelukgewens met die verwerwing van sy doktorsgraad.

BESKRYWINGSPUNTE (Agenda bl. 43)
Bylae 8; Vgl SDR-verslag pt. 4.5

B.1 BESKRYWINGSPUNT: DIE NG KERK SE STANDPUNT OOR HOMOSEKSUALITEIT (Sentrale Kerkraad van Wonderboom-Suid)
B.1.3 Respons en aanbeveling vanaf die SDR

Goedgekeur soos gewysig - Op aanbeveling van die SDR besluit die Sinode
***1. Dat die beskrywingspunt ontvanklik is;**
***2. Dat hierdie sinode volstaan by die besluite van die Algemene Sinode.**

B.2 BESKRYWINGSPUNT: BELYDENIS VAN BELHAR (Ds Petrus Kriel, Levubu)
B.2.3 Respons en aanbeveling vanaf die SDR
Die SDR het ‘n ad hoc-taakspan aangewys om die beskrywingspunt te bestudeer en die sinode ter vergadering met ‘n verslag te dien. Die taakspan se respons is tydens registrasie aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel.

Ordemosie (dr James Kirkpatrick) - Goedgekeur:
Die sinode verwys beide die voorstel en die respons van Beskrywingspunt 2 na die SDR vir inwerking in die materiaal van die gesprek rondom Belhar.

Die indiener en respondente bevestig dat hulle tevrede is met die reëling.

VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD VIR GEMEENTEONTWIKKELING (SDGO) (Vervolg)

'n Aanvullende verslag by 2.2.1 (Vroue) word ter vergadering beskikbaar gestel.

Voorstel (R Hugo / L van Rooyen) goedgekeur:
Die Sinode gee opdrag aan die SDR om in bepaling van prioriteite toe te sien dat die belange en behoeftes van vroue deurlopend en geïntegreerd aandag kry.

VOORSTEL – DIVERSITEIT

Voorstel (G Bothma / F Cronje) word na die SDR verwys vir aandag:
Die sinode versoek die SDR om in hulle beplanning vir die proses vorentoe die bestuur van diversiteit en eenheid ernstig te oorweeg in die bepaling van prioriteite

Die notule van die 2de Sittingsdag Dinsdag 11 September 2012 word goedgekeur.

Op versoek van die voorsitter doen ds Kobie Breedt (Waterberg) 'n gebed vir die proses rondom die Belhar belydenis.

Dr Roelf Opperman gee refleksie oor die pad vorentoe en versoek tafels om elk twee van die fokusareas, soos deur die sinodegangers gekompileer, as prioriteite te identifiseer. Die luisterspan sal dit verwerk en aan die SDR vir verdere aandag deurgee. Die fokusareas is:

- Armoede
- Stories van hoop
- Skrifhantering
- Ekologie
- Gemeenteontwikkeling
- Predikanteversorging
- Bemagtiging van ringe
- Bemagtiging van lidmate
- Begeleiding van gemeentes in prosesse van rou
- Kerkeenheid en kerkverband
- Gemeenskapsbetrokkenheid

Aankondiginge en bedankings: dr Roelf Opperman / ds Paul Grobler
Die volgende persone / instansies word bedank: Gustav Claassen (moderator), Hermien Swart (Koördineerder), Weesgerus Konferensiesentrum, sinodegangers, steunspan, notulespan, Nylstroom-Oos gemeente, uitstallers, Wiesenhof, musiekspan, voorbereiders van die preekhulp en Roelf Opperman (Leier: Taakspan Sinode).

'n Kollekte word opgeneem wat aan die gemeente Marikana gegee sal word vir hulpverlening voortspruitend uit die mynonrus.

Die sinode verdaag vir tee.

TWEEDE OGGENDSESSIE

IN MEMORIAM
Die volgende leraars het by emeritaat of afsterwe in die Noordelike Sinode gedien (lewenssketse in die Jaarboek):

- Ds JG (Jan) Odendaal / emeritus Pretoria-Wes.
- Ds HF (Harry) Witthuhn – emeritus Pretoria Tuine.
- Ds ECD Bruwer – emeritus SSK Noord-Transvaal / VGKSA.
- Ds J (Jan) van der Vloed – Petrakerk (Nederlandstaliges).
- Dr DJ (Dirk) Viljoen – emeritus Algemene Sinode, opdrag dooplidmate.
- Ds JF (Frans) Pretorius – emeritus Eloffsdal-Wes.
- Ds MvA (Thys) Vermeulen – emeritus Waterkloof.
- Ds RC (Dolf) Bezuidenhout – SAPD-kapelaan/Wespoort.
- Ds HB (Hennie) Geyer – emeritus Pastorale terapeut Weskoppies Hospitaal.
- Dr J (Johan) Greyvensteyn – emeritus Wonderboompoort.

- Prof CJ (Callie) Hugo – Praktiese Teologie Unisa.
- Ds P (Pierre) Jordaan – emeritus, voormalige Kapelaan-Generaal SA Weermag.
- Ds CJ (Stoffel) Roets – SANW-kapelaan.
- Prof G (Bieries) van der Merwe – emeritus Turfloop.
- Ds AC (Awie) Viljoen – Hartbeespoort.
- Ds RDJ (Rassie) de Wet – emeritus Springbokvlakte.
- Ds NAS (Bertie) Lombaard – emeritus Sesmylspruit.

NAGMAAL EN AFSLUITING

Dr Gustav Claassen lei die nagmaalsdiens. Vir die Woordbediening sluit hy aan by die kneglied in Jes 52:13 tot 53:5. Vir die nagmaalbediening nooi hy al die leraars wat verwag om voor die volgende sinodesitting te emeriteer om saam met hom en die assessor aan die nagmaalstafel plek in te neem.

Dr Claassen sluit die nagmaalsdiens, en daarmee saam die 20ste sitting van die Noordelike Sinode, met ‘n gebed en ‘n seënbede af.

Die sinodegangers verlaat die vergadersaal met die sing van Lied 533.

E.1 LYS VAN AFGEVAARDIGDES
(Soos op Geloofsbriewe)

RING VAN DASPOORT

BOOYSEN		
Ds GD Nel	JA van Schalkwyk	*GM Knoetze*
DASPOORT		
Ds EH de Waal	JC Bezuidenhout*****	*SJ van Vuuren**
Ds RL Oliver	D Snyman	*DB Snyman*
MOOTVALLEI		
Dr JA Botha	HA Fourie	*PJ Kok*
Ds JSF Botha	JA Odendaal	*JC van Aswegen*
PRETORIA-TUINE		
Ds DM Ferreira	AS van der Merwe	
Ds HM Horn	WJ van Zyl	
QUAGGAPOORT		
Ds CM Viljoen	BM Fenn	*T Bezuidenhout**
TUINRAND		
Verskoning		
WESMOOT		
Ds JCA Barnard	MS Labuschagne*	*W Bothma**
WESPOORT		
Ds HJP Lambrechts	PJ Theron*	*JH van Tonder*
Ds JA Theron	CM Marais*	*JJJ v Rensburg*
Ds CJS Botha	AK Flemming*	*A Tosen*
Ds PW de Wet	GC van der Merwe	
WONDERBOOMPOORT		
Ds JN Kritzinger	AJK Hattingh	*RE Joubert**

RING VAN DERDEPOORT

BERGTUIN		
-	AJ Olivier (ds)	*JG Pretorius*
DERDEPOORT		
Ds GFM Beetge	WP Roux	*N Olivier*
HARTBEESSPRUIT-QUEENSWOOD		
Ds KE Albrecht	JA van den Berg (ds)	*MJ Boshoff*
Ds WS Boshoff	WD Jacobs	*MJE Albrecht**
Dr JJ Gerber	DJJ Oosthuizen (ds)	*B du Toit**
JAN NIEMANDPARK		
Ds DH JvRensburg	WE Redgard	*JPJ Olivier*
MôREGLOED		
Ds D van Zyl	DG van der Merwe	*R Brits**
Ds WH Kritzinger	MS van der Merwe*	*ME Bothma**
NOORDOOS-PRETORIA		
Ds MJP Grobler	JH van Loggerenberg (ds)	
	ALA Norie	*LH Fourie**
	JG Kruger	*EW Nieuwoudt*
WAVERLEY		
Ds CJ Lötter	MC Bezuidenhout*	*DJ Geldenhuys*
Ds EC Wagner-Ferreira*****	GJ Cloete (dr)	
Ds AS Nel	O Malherbe	
Ds AH Liebenberg	ADP Pienaar	
WAVERLEY-OOS		
Ds JJ Laas	JAG Boshoff	*HC Kruger*
Ds J Myburgh	WA Pretorius	*PF Retief*
ZAMBEZI CHRISTEN GEMEENTE		
-		

RING VAN KROKODILRIVIER

BRITS

-	AJ Grobler*	*FDN Pienaar*
	PM van Aardt	*HS Nel*

DALUNIE

Dr L Keller	AA Oberholzer	*GJJ van Rensburg*

ELANDSRAND

Ds JF Mouton	JJ Naudé	*WL Mouton*

HARTBEESPOORT

Ds JW de Wet	RW Robbertse	*SM Robbertse**

KROKODILRIVIER

Dr C Gericke
Ds AC Pieterse
Ds TD Schutte
FJ Snyman

MARIKANA

Ds JW Vosloo

SANDDRIFT

Ds CW Greeff	EHL Kloppers	*JW Roos*

VORENTOE

-

RING VAN LOUIS TRICHARDT

BLOUBERG

Ds LA Badenhorst	BN van der Westhuizen	*JH Knox*

DENDRON

Ds EM van Staden

LEVUBU

Ds PJ Kriel	EOM Hanisch	*E Jacobs*

LOUIS TRICHARDT

Ds J Pretorius	DA Grobbelaar	*MM du Plessis**
Ds C Randall	AJ Smal	*F Vorster*
Ds JH Fourie	CJ Breytenbach	*JN Steyn*

MESSINA

Ds A Kemp	J de V van Niekerk	*JT Vorster*

SOEKMEKAAR

-

SOUTPANSBERG

Dr PA Venter	MD Wilson*	*AJ van Zyl*
Ds JAR Botha	IS Wilson	*E du Preez**

RING VAN MIDDE-AFRIKA

BEATRICE

-

BULAWAYO

Ds TL Botha (waarnemer)	B Beukes	*F van der Zee*

CHEGUTU

-	HJ Steyn	*D Visagie*

CHINHOYI/KAROI

-	FH Bezuidenhout	*LR de Jager*

CHIVHU

-

CORNERSTONE CONGREATIONS

-

DRC ZAMBIA (South)

-	MH Heyns (dr)	

GWERU

-

HARARE

Ds PFJ van Vuuren	CM Brand	*HW Olivier*
KADOMA		
Ds JG Haasbroek	JS du Toit	*JG du R Crous*
MARONDERA-RUSAPE		
-		
MASVINGO		
-	JD Nel	
MUTARE/CHIPINGE		
Ds MJD Beukes	SW du Plessis	*ZF Joubert*

RING VAN NORTHAM

DWAALBOOM		
Ds C Schunke	JP van Graan	*AD Verster*
KOEDOESKOP		
Ds HG de la Guerre	HA Schreuder	*LM Botha*
LIMPOPO		
Ds C Nel	NE Fourie*	*GA Steenkamp*
NORTHAM		
Ds JA du Plessis	JG Moolman	*JTW Grobler*
THABAZIMBI		
Dr MJ Benadé	CP Oivier	*R McAlpine*
Ds J Marais	R du Plessis*	*PJ Terblanche*

RING VAN PIETERSBURG

BENDORPARK		
Dr G Bothma		
PIETERSBURG		
Ds GG Haumann	LC Anderson	*MRJ Delport*
Ds CFH Grundlingh	MG van Wyngaard	*SJM Fourie*
Ds HM Horn	JCM Anderson*	*PS Botha*
Ds JF de Villiers	GJ Henning	*CA Beeslaar**
PIETERSBURG-NOORD		
Ds CF Delport	JC Erasmus (ds)	
Ds JM Bezuidenhout	CI van den Berg*	*HM Bezuidenhout*
Ds JJJ Putter	PF du Plessis	
PIETERSBURG-OOS		
Ds TJH Meyer	DJ de Vos	*PC Vercueil*
RENOSTERPOORT		
Ds D Groenewald	P van der Merwe	*AJ van Niekerk*

RING VAN PIETPOTGIETERSRUS

KOEDOESRAND		
Ds WHO Jordt	JH Loots	*JC du Preez**
MARKEN		
Ds JAS Peens	HJ Joubert	*CJ Koen*
NABOOMSPRUIT		
Dr WJ v G Knipe	SJ Bezuidenhout	*JP Cilliers*
Ds LJ Pretorius	HW Bezuidenhout*	*GJ Snyman*
PIETPOTGIETERSRUS		
Ds B Rademeyer	CJ du Toit	*J van Niekerk*
POTGIETERSRUS-OOS		
Ds PH Venter	FW Kelder	*FP Botha*
HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK [Potgietersrus-Suid]		
Dr JCF Harris	JP Kirchner	*JH du Plessis*
Ds J Erasmus	PCN Prozesky	*A Trichardt**
ROEDTAN		
-	WPJ van Wyk (dr)	

RING VAN PRETORIA-NOORD

FLORANDIA

Dr JG Strydom	JF Pretorius	*HCC Struwig*
Ds EH Muller	IB van Dyk	*WJJ Coetzer*
Dr JM Wildenboer	WR van der Wal	*MA Fourie**

FLORAUNA

Dr HL Carelsen	SJ van der Merwe*	*J le Roux*
Dr FS du Plooy	MJ Coetzee	
Ds CW Malan	HJ Stapelberg	
Ds S Krüger*	JJ Pienaar	
Ds GF van der Berg	D Louw	

HAAKDOORN

Ds J Nel	AJ Fouché	*HJ van Eeden*

ONDERSTEPOORT

Ds AHG Stoltz	RJ Brits	*HJ Engelbrecht*

PETRONELLA

Dr JA Small	JC du Preez	

WONDERPARK

Ds PA Viljoen	M Lubbe*	*F Kruger*
Ds TC Ackermann	GJJ Lubbe	*TL Bredenkamp*

RING VAN PRETORIA-OOS

GROENKLOOF

Ds CT Müller	D Naudé	*D Coetzee*
Ds PJ Oberholzer	GC van Wyk	*E Coetzee**

MONUMENTPARK

Dr GF Claassen	LR McFarlane	*EJ Carstens*
Ds W van Niekerk		

MONUMENTPARK-WES

Dr JU Botha	PE Mostert*	*CM vd Westhuizen, MH Mostert*

PRETORIA

Dr AK le Roux	S Steenberg*	
Dr LF van Deventer	AB Senyolo	
Ds PF Smit	MJ Swart (ds)	
Ds A Schwartz	WG le Roux	

PRETORIA-OOS

Dr NE Lamprecht	FJ Grobler (ds)	*JJ Nieman*
Dr M Strydom*		*Ds PF Burger*

SA GEMEENTE LONDON

Dr CR Benadé-		

WATERKLOOF

Dr ACJ van Niekerk	P van Hoven	

WATERKLOOFRIF

Ds GJ Hugo	R Hugo*	*R Dyason*

RING VAN RUSTENBURG

RUSTENBURG-MOEDERGEMEENTE

Dr HP Kotze		
Ds Z Kotze*		

RUSTENBURG-BERGSIG

Ds WH Immelman	FT Saaiman	*JT Weideman*
Ds PJ Jordaan	TA Brough	*CME Linde**
Ds PH Berrangé	HJ Coetzer	*MJ Visagie*

RUSTENBURG-PROTEAPARK

Ds DJ Strauss		
Ds J du Plessis		

RUSTENBURG-SUID

Ds HES Pretorius	HPG Thompson	
RUSTENBURG-WES		
Ds JHP Serfontein	DJ Niemann	*WF Prinsloo*

RING SENTRAALMOOT

CAPITAL PARK-CONCORDIA		
Ds JW van Niekerk	L Truter	*SW Beckmann**
PIERNEEF		
Ds J Boonzaaier	JCA Sander	*CC Bezuidenhout*
PIERNEEFRANT		
Ds SJ Scheepers	MF Vilonel*	*F Brink*
PRETORIA-DOWES		
-	N Muller*	
RIETFONTEIN-NOORD		
Ds FP Naudé	MC Swart*	*AC Hougaard*
Ds CC du Toit	JC Kruger	*CH Geldenhuys*
Dr JA Laubscher		
RIETFONTEIN-SUID		
Ds L Tait		*HCH van Schalkwyk*
	DJ Muller	*K van Schalkwyk**
RIVIERA-JAKARANDA		
Dr SI Cronjé	WC Smit	
Ds D de Bruin		
Dr PJSG du Plessis		
VILLIERIA		
Ds FF du Toit	EJ van der Westhuizen	
Ds R Rheeder		
WONDERBOOM-SUID		
Ds GJ Badenhorst	CAS Weber	*JD Celliers*
Ds AE van Niekerk	JJ van As	*A de Ridder*

RING VAN SESMYLSPRUIT

ROOIHUISKRAAL		
Ds EL Haarhoff	CM Louw*	*DJ Mulder*
Ds R Wassermann		
SESMYLSPRUIT		
Ds DB de Vos		
Ds CJ Jvan Vuuren		
THE REEDS		
Ds JC Avenant	DS de Klerk	*PA van der Merwe*
WIERDAPARK		
Dr JA Myburgh	HKA Moll	*JJG Bester*
Ds PJ Visser		
WIERDAPARK-SUID		
Dr MN van der Merwe	GJ van Rooyen	
Ds GJ Roets	PJL du Toit	

RING VAN SUIDOOS-PRETORIA

ANDREW MURRAY PRETORIA		
Ds S Botha	N Steynberg*	*Z Gazendam**
LYNNWOOD		
Ds IA van Tonder	HM Brits*	*L Jordaan**
Ds PA Crous	S Malan*	*N Louw**
Ds FC van Eeden*		
SUIDOOS-PRETORIA		
Dr JD Kirkpatrick	M Nel (prof)	
Ds MJ Bosman	C Opperman*	
Ds AM Pienaar	EJ Leach	
Ds F de Wet		

Ds M de Wet*

UNIVERSITEITSOORD

Ds AT Childs	JC Swanepoel	*PM Boshoff**
Dr PR du Toit	JLC Pienaar	*JP Bosman*
Ds PJ Grobler	R Howell*	*R Botes**
Dr EP Meylahn*	GF Prozesky	*CK Conradie*
Ds FJ Snyman	N Rodink*	*TB Laubscher*
Ds L Venter	A van Tonder	*C Weys**

RING VAN VALHALLA

ELDORAIGNE

Ds AJ Joubert	FJ van Staden	*DF van Niekerk, FJ Lamprecht,*
Dr J van de Heever		*PR de W de Jager*

ERASMIA

Ds PGJ Swart	PP Boonzaier	*HG Pretorius*

RASLOUW

Dr L Ungerer	JD Krige	*J Roux*
Ds F Esterhuizen	MJ van Rensburg*	
Ds JH Groenewald	P Kotze	
Ds M Cornelissen		

VALHALLA

Ds L Schoeman*	WJ Botha	*JJC van Wyk*

VALHALLA-SUID

Ds HJJ Barnard	NL Greyling	*WJ Kendall (ds)*

RING VAN WATERBERG

ALBERTYN

Ds HG Hoepfner	JH Stiglingh	*GP Slabbert*

ELLISRAS-WES

Ds JJ Hamman	LS de Lange*	*HP Steyn*

FRANCISTOWN

-

NYLSTROOM-OOS

Ds E Schmidt	JT van Zyl	*IM Joubert*
Ds DJH Ueckermann	PH Bolton	*CMA Nieuwenhuys*

SPRINGBOKVLAKTE

Ds FCA de Beer		
PW le R v Niekerk	*JH Pretorius*	

VAALWATER

Ds JNR Bosman	HA du Plessis	*JH de Beer*

WARMBAD

Dr CF Herbst	WHJL van der Heever	*A Pieterse**
Ds O Clasen	RH Dykema*	*AS Drinkwater**
	SM Benade*	*CM van der Heever**

WARMBAD-WES

Ds TR Kriek	PJ Smit (ds)	*GJ Aggenbach*
Ds WA Potgieter	LM Muller	*CJ Koen*

WATERBERG

Ds JL Breedt	J Steynberg	*DA Deacon*
Ds WHS Wolhuter	DM Smit*AJ Oosthuizen**	
Ds AC Viviers	WP Boshoff	*MW Pretorius*

RING VAN WONDERBOOM

DOORNPOORT

Ds CM Viljoen	JB Coetzee	*CE de Meyer**
Ds KJ van der Westhuizen	HP Coertzen*	

KAMEELDRIF

Dr WA Pretorius	P Burger	

Dr R Opperman	CF Jordaan	
Ds M van der Westhuizen*	PG van Niekerk	
MAGALIESKRUIN		
Ds TA Verbeek	DE Botha*	
Ds JA Olivier	FS Botha	
Ds A Swart	A van Niekerk*	
Ds L van Rooyen*	DJ Davel	
MONTANA		
Ds JWK Scholtz	J Mouton*	*NJ Pieterse*
OVERKRUIN		
Ds JJ van Zittert	SJ van Wyk	*A Viljoen*
Ds H Carstens	HK du Preez	*HP Oosthuizen*
Ds L Forsman CMM van Zittert*		*GM Bure*
WONDERBOOM		
Dr CS Steyn	CH Rudolph *EC Rudolph**	
Ds EL Boshoff*	PR Botha	

E.2 LYS VAN AFGEVAARDIGDES
(Presensielys Maandag 10 September 2012)

RING VAN DASPOORT
BOOYSEN –
DASPOORT JC Bezuidenhout*** /** D Snyman
MOOTVALLEI Ds JSF Botha / HA Fourie, JA Odendaal
PRETORIA-TUINE Ds DM Ferreira, ds HM Horn / WJ van Zyl
QUAGGAPOORT Ds CM Viljoen / BM Fenn
TUINRAND -
WESMOOT Ds JCA Barnard / W Bothma*
WESPOORT Ds JA Theron, ds PW de Wet / PJ Theron*, AK Flemming*
WONDERBOOMPOORT Ds JN Kritzinger / AJK Hattingh

RING VAN DERDEPOORT
BERGTUIN (Oudl) AJ Olivier (ds)
DERDEPOORT Ds GFM Beetge / WP Roux
HARTBEESSPRUIT-QUEENSWOOD Ds KE Albrecht, dr WS Boshoff / JA van den Berg (ds), WD Jacobs, MJE Albrecht*
JAN NIEMANDPARK Ds DH JvRensburg / WE Redgard
MôREGLOED Ds D van Zyl, ds WH Kritzinger / DG van der Merwe, MS van der Merwe*
NOORDOOS-PRETORIA Ds MJP Grobler / JH van Loggerenberg (ds), ALA Norie, JG Kruger
WAVERLEY
Ds CJ Lötter, ds AS Nel, ds AH Liebenberg / MC Bezuidenhout*, GJ Cloete (dr), O Malherbe, DJ Geldenhuys
WAVERLEY-OOS Dr JJ Laas, ds J Myburgh / JAG Boshoff, WA Pretorius
ZAMBEZI CHRISTEN GEMEENTE -

RING VAN KROKODILRIVIER
BRITS - / AJ Grobler*, PM van Aardt
DALUNIE Dr L Keller / GJJ van Rensburg
ELANDSRAND Ds JF Mouton / JJ Naudé
HARTBEESPOORT Ds JW de Wet / RW Robbertse
KROKODILRIVIER -
MARIKANA Ds JW Vosloo / -
SANDDRIFT Ds CW Greeff / EHL Kloppers
VORENTOE -

RING VAN LOUIS TRICHARDT
BLOUBERG Ds LA Badenhorst
DENDRON -
LEVUBU Ds PJ Kriel / E Jacobs
LOUIS TRICHARDT Ds J Pretorius, ds C Randall, ds JH Fourie / DA Grobbelaar, AJ Smal, CJ Breytenbach
MESSINA Ds A Kemp / JT Vorster
SOEKMEKAAR -
SOUTPANSBERG Dr PA Venter, ds JAR Botha / MD Wilson*, IS Wilson

RING VAN MIDDE-AFRIKA
BEATRICE -
BULAWAYO
Ds T Botha (waarnemer) / F van der Zee
CHEGUTU HJ Steyn
CHINHOYI/KAROI LR de Jager
CHIVHU
CORNERSTONE CONGREGATIONS
DRC ZAMBIA – North - -
DRC ZAMBIA – South MH Heyns (dr)

GWERU
HARARE Ds PFJ van Vuuren / CM Brand
KADOMA Ds JG Haasbroek / JS du Toit
MARONDERA-RUSAPE
MASVINGO JD Nel
MUTARE/CHIPINGE Ds MJD Beukes

RING VAN NORTHAM

DWAALBOOM Ds C Schunke / JP van Graan
KOEDOESKOP Ds HG de la Guerre / HA Schreuder
LIMPOPO Ds C Nel / NE Fourie*
NORTHAM Ds JA du Plessis / JG Moolman
THABAZIMBI Dr MJ Benadé, ds J Marais / CP Oivier, R du Plessis*

RING VAN PIETERSBURG

BENDORPARK Dr G Bothma
PIETERSBURG Ds GG Haumann, ds HM Horn, ds JF de Villiers / LC Anderson, SJM Fourie , JCM Anderson*, GJ Henning
PIETERSBURG-NOORD Ds CF Delport, ds JM Bezuidenhout, ds JJJ Putter / JC Erasmus (ds)
PIETERSBURG-OOS Ds TJH Meyer / DJ de Vos
RENOSTERPOORT Ds D Groenewald / P van der Merwe

RING VAN PIETPOTGIETERSRUS

KOEDOESRAND Ds WHO Jordt / JH Loots
MARKEN Ds JAS Peens / HJ Joubert
NABOOMSPRUIT Dr WJ v G Knipe, ds LJ Pretorius / SJ Bezuidenhout, HW Bezuidenhout*
PIETPOTGIETERSRUS Ds B Rademeyer / CJ du Toit
POTGIETERSRUS-OOS Ds PH Venter / FP Botha
HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK [Potgietersrus-Suid] Dr JCF Harris, ds J Erasmus / JP Kirchner, PCN Prozesky
ROEDTAN Oudl WPJ van Wyk (ds)

RING VAN PRETORIA-NOORD

FLORANDIA Dr JG Strydom, ds EH Muller, dr JM Wildenboer / IB van Dyk, WR van der Wal
FLORAUNA Dr HL Carelsen, ds S Krüger* / SJ van der Merwe*, MJ Coetzee, HJ Stapelberg, JJ Pienaar, D Louw
HAAKDOORN Ds J Nel, AJ Fouché
ONDERSTEPOORT Ds AHG Stoltz / RJ Brits
PETRONELLA Dr JA Small / JC du Preez
WONDERPARK Ds PA Viljoen, ds TC Ackermann / M Lubbe*

RING VAN PRETORIA-OOS

GROENKLOOF Ds CT Müller / GC van Wyk
MONUMENTPARK Dr GF Claassen, ds W van Niekerk / LR McFarlane
MONUMENTPARK-WES Dr JU Botha / PE Mostert*
PRETORIA Dr AK le Roux, dr LF van Deventer, ds PF Smit, ds A Schwartz / S Steenberg*, AB Senyolo, (ds) MJ Swart, WG le Roux
PRETORIA-OOS Dr NE Lamprecht / (ds) FJ Grobler
SA GEMEENTE LONDON Dr CR Benadé
WATERKLOOF Dr ACJ van Niekerk
WATERKLOOFRIF Ds GJ Hugo / R Hugo*

RING VAN RUSTENBURG

RUSTENBURG-MOEDERGEMEENTE Ds HP Kotze, ds Z Kotze*
RUSTENBURG-BERGSIG Ds WH Immelman, ds PH Berrangé / FT Saaiman
RUSTENBURG-PROTEAPARK Ds J du Plessis
RUSTENBURG-SUID Ds HES Pretorius / HPG Thompson
RUSTENBURG-WES Ds JHP Serfontein / DJ Niemann

RING SENTRAALMOOT

CAPITAL PARK-CONCORDIA Ds JW van Niekerk / L Truter
PIERNEEF -
PIERNEEFRANT Ds SJ Scheepers / MF Vilonel*
PRETORIA-DOWES N Muller*
RIETFONTEIN-NOORD Ds FP Naudé, ds CC du Toit, dr JA Laubscher / MC Swart*, JC Kruger
RIETFONTEIN-SUID Ds L Tait / DJ Muller
RIVIERA-JAKARANDA Dr SI Cronjé, ds D de Bruin, dr PJSG du Plessis / WC Smit
VILLIERIA Ds FF du Toit, ds R Rheeder / EJ van der Westhuizen
WONDERBOOM-SUID Ds GJ Badenhorst, ds AE van Niekerk / CAS Weber, JJ van As

RING VAN SESMYLSPRUIT

ROOIHUISKRAAL Ds EL Haarhoff, ds R Wassermann / CM Louw*
SESMYLSPRUIT Ds DB de Vos, ds CJ van Vuuren
THE REEDS Ds JC Avenant / DS de Klerk
WIERDAPARK Dr JA Myburgh, ds PJ Visser / HKA Moll
WIERDAPARK-SUID Dr MN van der Merwe, ds GJ Roets / GJ van Rooyen, PJL du Toit

RING VAN SUIDOOS-PRETORIA

ANDREW MURRAY PRETORIA -
LYNNWOOD Ds IA van Tonder, ds PA Crous, ds FC van Eeden* / HM Brits*, HLW Ehlers
SUIDOOS-PRETORIA Dr JD Kirkpatrick, ds F de Wet, ds M de Wet* / (prof) M Nel, C Opperman*, EJ Leach
UNIVERSITEITSOORD Ds AT Childs, dr PR du Toit, dr EP Meylahn*, ds PJ Grobler, ds FJ Snyman / JC Swanepoel, JLC Pienaar, GF Prozesky, N Rodink*

RING VAN VALHALLA

ELDORAIGNE Ds AJ Joubert, dr J van den Heever / FJ van Staden
ERASMIA Ds PGJ Swart / PP Boonzaier
RASLOUW Dr L Ungerer, ds JH Groenewald, Ds M Cornelissen / MJ van Rensburg*, P Kotze,
VALHALLA Ds L Schoeman* / WJ Botha
VALHALLA-SUID Ds HJJ Barnard

RING VAN WATERBERG

ALBERTYN Dr HG Hoepfner / JH Stiglingh
ELLISRAS-WES Ds JJ Hamman / LS de Lange*
FRANCISTOWN -
NYLSTROOM-OOS Ds E Schmidt, ds DJH Ueckermann / JT van Zyl, IM Joubert
SPRINGBOKVLAKTE Ds FCA de Beer / PW le R v Niekerk
VAALWATER Ds JNR Bosman / JH de Beer
WARMBAD Dr CF Herbst, ds O Clasen / WHJL van der Heever, RH Dykema*, SM Benade*
WARMBAD-WES Ds TR Kriek / (ds) PJ Smit, LM Muller
WATERBERG Ds JL Breedt, ds WHS Wolhuter, ds AC Viviers / J Steynberg, DM Smit, WP Boshoff

RING VAN WONDERBOOM

DOORNPOORT Ds CM Viljoen, ds KJ van der Westhuizen / JB Coetzee, HP Coertzen*
KAMEELDRIF Dr WA Pretorius, dr R Opperman, ds M van der Westhuizen* / P Burger, CF Jordaan
MAGALIESKRUIN Ds TA Verbeek, ds JA Olivier, ds A Swart, ds L van Rooyen* / DE Botha*, FS Botha, A van Niekerk*, DJ Davel
MONTANA J Mouton*
OVERKRUIN Ds JJ van Zittert, ds H Carstens, ds L Forsman / SJ van Wyk, CMM van Zittert*
WONDERBOOM Dr CS Steyn / EC Rudolph*

F. BESLUITEREGISTER

1. NUWE MODERATUUR *(Handelinge bl. 118)*
Die volledige nuwe moderatuur bestaan uit die volgende lede:
Moderator: dr Gustav Claassen
Assessor: ds Paul Grobler
Aktuarius: dr Dewyk Ungerer
Addisionele lede: drr Herman Carelsen, Braam le Roux, Willem Pretorius, Michiel van der Merwe, ds Maartje van der Westhuizen en ds Thinus Grobler (tydelik)
Ampshalwe, adviserend: dr Gerrit Cloete (PSD) en mnr Johan Kruger (saakgelastigde).

2. VISIE *(Handelinge bl. 110 pt. 4.1.2)*

Die sinode aanvaar die herbewoording van die visie van die sinode.

Die Noordelike Sinode erken dat God ons, deur gemeentes, binne die gemeenskap waarbinne ons geplaas is, gebruik om HOOP te bring en 'n VERSKIL te maak.

As sinode wil ons 'n ondersteunende rol speel deur 'n verhoudingsgefokusde organisasie te wees wat, in afhanklikheid van God Drie-enig en in die kreatiewe krag van die Heilige Gees, help om gemeentes te bou wat elkeen in eie konteks die Koninkryk van God soek en om die gemeenskap na buite te bereik deur gesamentlike werksaamhede wat nie deur ringe en gemeentes afsonderlik gedoen kan word nie.

3. KERNWAARDES *(Handelinge bl. 110 pt. 4.1.3)*

Die sinode aanvaar die herbewoording van die kernwaardes van die sinode.

Die Noordelike Sinode wil hom, ten opsigte van die verstaan van sy identiteit, in al sy aktiwiteite laat lei deur die volgende kernwaardes:
• Besluitneming gegrond op sy verstaan van die Bybel en die belydenisskrifte.
• Verbintenis aan die kerkordelike ooreenkoms oor die werkterreine van die onderskeie dele van ons kerklike verband.
• Gemeenskaplikheid met ander gelowiges in sy soeke na die wil van God in 'n veranderende wêreld.
• 'n Deernis vir mense in die hantering van diversiteit.
• Sensitiwiteit vir die ryke verskeidenheid van gawes wat ringe, gemeentes, geslagte, generasies, kulture en persoonlikhede bied.
• Die wydste moontlike betrokkenheid en aktiewe benutting van leraars, kerkraadslede en lidmate by die werksaamhede van die sinode.
• Deursigtige besluitneming en administrasie.

4. KERNBESIGHEID *(Handelinge bl. 110 pt. 4.1.4)*

Die sinode aanvaar die bewoording van die kernbesigheid van die sinode en gee opdrag aan die SDR om te verseker dat die riglyne nagestreef word in die evaluering en beplanning van alle werksaamhede.

Die bedryfsdoelstelling van die Noordelike Sinode is die koördinering van beskikbare hulpbronne, (soos mense, grond, geld en inligting) saam met en deur ringe, om alle gemeentes te bemagtig om HOOP te bring en 'n VERSKIL te maak.
Om dit te bereik fokus die sinode op die volgende breë aktiwiteite:
1. 'n Sinodesitting waartydens
• sinodale leiers verkies word,
• verhoudings gebou word,
• visionering plaasvind en die strategiese rigting van die sinode bepaal word, en
• fokusareas van die sinode geïdentifiseer word wat deur die SDR geprioritiseer en gekontroleer word
2. Vergaderings van die sinodale leierskap waartydens
• aktiwiteite van die onderskeie subsisteme gekoördineer en gekontroleer word, met die oog op die doeltreffende realisering van die visie van die sinode.
3. Aktiwiteite van die leierskap wat veral sal insluit
• Navorsing,

- Kontekstualisering,
- Aktivering van netwerke, waaronder die ringe inbegrepe is,
- Vestiging van vennootskappe,
- Verspreiding van inligting,
- Motivering en leierskapontwikkeling
- Opleiding.

5. FOKUSAREAS *(Handelinge bl. 111 pt. 4.1.5)*

Die sinode versoek die taakspan wat die beplanning en fasilitering van die sinode in sitting hanteer het om die SDR direk na die sinode te fasiliteer in die bepaling van prioriteite en die fokusareas van die sinode se werksaamhede.

6. KERKORDELIKE BEVOEGDHEDE EN ROEPING BINNE VERBAND *(Handelinge bl. 110 pt. 3.7.3)*

Die sinode
1. Handhaaf die kontraktuele verdeling van werksaamhede in die verband soos in artikels 22, 31 en 35 van die Kerkorde beskryf word;
2. Gaan voort om binne die vorige besluite van die sinode
2.1 Ringe te ontwikkel en te bemagtig in belang van die bediening in gemeentes;
2.2 Om waar nodig en moontlik sinodale werksaamhede na ringe af te wentel.

7. HERINDELING VAN RINGE *(Handelinge bl. 110 pt. 3.7.5)*

Die Sinode besluit
1. Om te volstaan met die huidige indeling van ringe;
2. Dat, in gevalle waar ringe wat in belang van die uitvoering van Art 31 gesamentlik wil funksioneer, hulle kan saamsmelt en as 'n nuwe ring konstitueer met die goedkeuring van die SDR.

8. WERKTERREINE *(Handelinge bl. 111 pt. 6.1)*
(Vir aandag van gemeentes, ringe en die sinode)

Die sinode besluit
1. Dat ringe in die uitvoer van die visitasie by gemeentes, opsig oor gemeentes en advies aan kerkrade (KO art 31:1-3) aangemoedig word om die volgende werkterreine in gemeentes te bevorder:
- **Diensgetuienis**
- **Geloofsvorming**
- **Prediking en erediens**
- **Pastorale sorg en predikantebegeleiding**
- **Administrasie;**

2. Dat elke ring self besluit hoe hierdie werkterreine in die spesifieke ring aandag geniet;
3. Dat die sinode in die uitvoering van sy kernbesigheid en fokusareas dieselfde vyf werkterreine in ag neem.

9. MODERATUUR VERVANG DKB *(Handelinge bl. 112 pt. 6.2.2)*

Op aanbeveling van die tydelike taakspan keur die sinode die aanbeveling by 6.2.2 goed, naamlik:
1. dat die DKB verval;
2. dat die moderatuur bestaan uit 'n moderator, assessor en aktuarius plus 5 addisionele lede wat almal ter vergadering verkies word;
3. dat die moderatuur kollektief ten opsigte van die diensterreine verantwoordelikheid neem en taakspanne aanwys soos en wanneer bending;
4. dat die PSD steeds die skriba hanteer en dat die SDR by 'n vakature 'n reëling tref.

Op verdere aanbeveling van die tydelike taakspan word die besluit soos volg uitgebrei:
Die sinode besluit dat die huidige diensrade bly bestaan totdat die nuwe strukture na oordeel en evaluering van die SDR in staat is om die bedieninge met bevoegdheid te bestuur.

10. DIE SINODALE DIENSRAAD (SDR): SAMESTELLING *(Handelinge bl. 112 pt. 6.2.2.3)*

1. Die moderatuur.

2. Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.
3. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
4. Die saakgelastigde van die sinode.

11. FOKUSAREAS VAN DIE SDR *(Handelinge bl. 112 pt. 7)*

Die sinode aanvaar die volgende uiteensetting ten opsigte van die SDR se locus standi en funksies en gee opdrag aan die Sinodale Taakspan Regte om dit in die bepalings te verreken:
Die SDR is die verteenwoordigende regspersoon van die Sinode tussen sittings en:
1. Keur beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokusareas;
2. Fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake;
3. Hanteer hertoelating tot die bediening, appèlle, herindeling van ringe en teologiese opleiding;
4. Koördineer en inisieer, in oorleg met ringe, die werksaamhede binne die fokusareas;
5. Kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die Sinode.

12. PSD-POS *(Handelinge bl. 112 pt. 6.3)*

Die sinode besluit dat 'n vakature in die PSD-pos nie deur die SDR gevul word nie. Die sinode sal op 'n volgende vergadering oordeel of so 'n pos wel nodig is en indien wel, met watter inhoud.

13. AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE *(Handelinge bl. 112 pt. 8)*

Die sinode besluit om Bepaling 35.5 soos volg te wysig:
Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:
1. Tydens die sinodevergadering word 10 leraars (met sekundi) en 10 ouderlinge/diakens (met sekundi) verkies.
2. Die SDR finaliseer die afvaardiging deur bykomende afgevaardigdes volgens die Algemene Sinode se proporsionele formule by te voeg, eerstens uit die verkose sekundi en, indien nodig, uit lede van die vorige Sinode.
3. Waar 'n stemming benodig word, kan dit ook elektronies geskied.

14. GETUIENIS / UITREIK *(Handelinge bl. 116, verslag SDG)*

Die Sinode
1. Verbind hom opnuut tot sy uitreikroeping soos verwoord in die Reglement vir die Sending/ Getuienis van die NG Kerk (Reglement 15:2007:1.4) in die bediening van "die evangelie in al sy dimensies aan mense buite die kerk".
2. Herbevestig sy medewerking met al die lede van die NGK-familie as gelyke vennote in die bediening van die Koninkryk in al sy dimensies aan die mense van ons gebied, en daarbuite.
3. Vereenselwig hom opnuut met die liggame en netwerke wat oor die hele Afrika en die res van die wêreld besig is om die omvattende heil in Christus aan die mensdom in woord en daad te verkondig.
4. Moedig gemeentes en diensgroepe aan om kennis te neem van, en studies te maak van, belangrike internasionale missionêre oproepe soos die volgende:
4.1 "The Accra-Verklaring" (by www.ngkerk.org.za/wesensuidkaap/dokumente)
4.2 "The Cape Town Commitment" (www.lausanne.org/en/documents/ctcommitment.html)
5. Moedig ringe en kerklike vennootskappe aan om, in die beplanning van gesamentlike uitreikprojekte, samewerking met ekumeniese missionêre netwerke na te streef.
6.1 Moedig lidmate aan om die waarheid van die verlossingboodskap in elke situasie prakties uit te leef en om die krag van 'n persoonlike getuienis oor hulle verlossing, te besef en te gebruik.
6.2 Moedig lidmate opnuut aan om hulle eie roeping en bediening te aanvaar en uit te leef daar waar God hulle in werkplekke en in 'n netwerk van verhoudinge geplaas het.
6.3 Leraars en kerkrade word opgeroep om die strategiese impak van hierdie eietydse bediening op die markplein te benut deur gelowiges te mobiliseer, hulle daarvoor toe te rus en uit te stuur as getuies.
6.4 Moedig gemeentes hiermee aan om, gehoorsaam aan die opdrag van die Christus, 'n eietydse, praktiese evangelisasie-/uitreikbediening daar te stel.

15. GEMEENSKAPSBETROKKENHEID *(Handelinge bl. 116, verslag SDGB)*

1. Die sinode neem met dankbaarheid kennis van al hoe meer gemeentes wat op vindingryke wyse, onder andere deur stigting van NWO's, daarin slaag om die groot uitdaging rondom sosiale probleme aan te spreek.
2. Die sinode moedig gemeentes aan om opnuut deur gemeenskapsgerigte projekte hulle roeping en identiteit te vind en uit te leef.
3. Die sinode versoek die SDR om te verseker dat die NWO's wat uit gemeentelike, rings- en sinodale werksaamhede tot stand kom, verteenwoordiging geniet op sinodale taakspanne.
4. Die sinode versoek die SDR om te verseker dat die gesonde netwerk wat reeds tussen die diensorganisasies en NWO's bestaan, binne 'n nuwe struktuur behoue sal bly.
5. Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die werk wat die CMR namens die sinode doen in gemeentes en die groter gemeenskap die afgelope 75 jaar.
6. Die Sinode herbevestig sy verhouding met die CMR as vennoot om maatskaplike dienste vir die gemeentes te lewer.

16. GEMEENTEONTWIKKELING

16.1 RITMEJAAR *(Handelinge bl. 119 pt. 2.2)*
Die sinode vra gemeentes om die Ritmejaar aan hulle jongmense bekend te stel.

16.2 STUDENTE *(Handelinge bl. 120 pt. 2.2.3)*
Die sinode gee opdrag
1. dat die gesprekke rakende die bediening aan studente moet voortgaan;
2. dat die gesprek tussen SDO (finansies) en studentegemeentes moet voortgaan.

16.3 VOORTGANG VAN STRATEGIESE BEPLANNING *(Handelinge bl. 120 pt. 2.2.9)*

Die sinode sal in sy herbesinning moet seker maak dat hierdie taakspanne (d.w.s. die taakspanne van die Sinodale Diensraad vir Gemeenteontwikkeling) en hulle strategiese besinning nie verlore gaan nie.

17. ONDERSTEUNINGSDIENSTE

17.1 SINODALE BYDRAES RELATIEF TOT GEMEENTE INKOMSTE EN DRAVERMOË *(Handelinge bl. 117 pt. 2.2.3.2)*

Die Sinode versoek ringe om, in onderhandeling met gemeentes oor bydraes vir die sinodale verband, die riglyn van die SDO toe te pas soos in 2.2.3.2 (Agenda 2012 bl. 51-52) uiteengesit.

17.2 MEDIESE SKEMA *(Handelinge bl. 117 pt. 2.3.2)*

1. Die Sinode versoek ringe om gemeentes in hulle gebied te motiveer om al hulle personeellede by die mediese groepskema van die Sinode, naamlik Bestmed Mediese Skema, in te skakel met die uitsondering van lede wat as afhanklike by hulle gades se skema inskakel.
2. Die Sinode bevestig dat bestaande subsidies vir emeriti/pensioenarisse slegs betaal word aan lede wat ingeskakel is by die groepskema, met die uitsondering van lede wat as afhanklike by hulle gades se skema inskakel, aan wie 'n enkel subsidie betaal word.

2.3.3 FINANSIËLE POSISIE VAN EMERITI EN PENSIOENARISSE *(Handelinge bl. 117 pt. 2.3.3)*

Die Sinode versoek ringe om, waar nodig, aandag te gee aan die nood van emeriti en pensioenarisse in hulle onderskeie gebiede, onder andere deur gemeentes te motiveer om spesifiek om te sien na die behoeftes van hierdie lidmate.

18. PREDIKANTEBEGELEIDING *(Handelinge bl. 120 pt. 7.9)*

1. Die Sinode dra dit aan die Moderatuur en SDR op om voort te gaan om op die beste wyse, ter ondersteuning van wat in ringe gebeur, aan die sake wat tot Predikantebegeleiding behoort (sien punte 2- 6, Agenda 2012 bl. 15-17) aandag te gee.
2. Die sinode versoek die Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding om in noue samewerking met ringe voortgaande en dringend aan die sake in 7.1-7.8 genoem (Agenda 2012 bl. 17-18), aandag te gee.

19. VERKIESING VAN AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE OKTOBER 2013 *(Handelinge bl. 126, eerste oggendsessie)*

Die volgende aanbeveling van die moderatuur word aanvaar:
1. Die Sinode dra dit aan die SDR op om uitvoering te gee aan die Bepaling 35.5 nadat die Algemene Sinode die getal afgevaardigdes bepaal het.
2. In die samestelling van die afvaardiging na die Algemene Sinode moet die SDR leierskap, kundigheid en verteenwoordiging in ag neem.

20. BESKRYWINGSPUNT HOMOSEKSUALITEIT *(Handelinge bl. 126 pt. B.1.3)*

Die sinode besluit
***1. Dat die beskrywingspunt ontvanklik is;**
***2. Dat hierdie sinode volstaan by die besluite van die Algemene Sinode.**

21. BELHAR: PROSES *(Handelinge bl. 126 pt. 4.4)*

Die sinode versoek kerkrade en ringe om:
1. Positief saam te werk aan die proses wat die Algemene Sinode daargestel het;
2. Aktief aan die gesprekke, soos gefasiliteer deur die ASM, deel te neem;
3. Tot aan die einde van die voorgestelde proses deel te neem.

22. VROUEBELANGE *(Handelinge bl. 127, by SDGO)*

Die Sinode gee opdrag aan die SDR om in bepaling van prioriteite toe te sien dat die belange en behoeftes van vroue deurlopend en geïntegreerd aandag kry.

23. SAKE NA DIE SDR VIR AANDAG VERWYS

23.1 AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE *(Handelinge bl. 120, los voorstel)*

Voorstel na die SDR vir hantering verwys: **Die Noordelike Sinode besluit om in gesprek met die Algemene Sinode se toepaslike stukture/kommissies te gaan om die getal afgevaardigdes weer 'n maksimum van 400 lede te maak.**

23.2 BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE *(Handelinge bl. 120, los voorstel)*

Voorstel na die SDR vir hantering verwys: **Die sinode dra dit aan die SDR op om 'n taakspan saam te stel om die oënskynlike innerlike teenstrydighede van die Algemene Sinode se besluite oor ongetroud saambly, die viering van die afsterwe van die ou mens en opstanding van die nuwe met seremonies naas die doop en die uitdryf van duiwels om akkomodering van die ontkenning van die bestaan van engele, te bestudeer en met die resultate met die Algemene Sinode in gesprek te tree en met gemeentes en ringe te deel.**

23.3 DIVERSITEIT *(Handelinge bl. 127, los voorstel)*

Voorstel na die SDR vir hantering verwys: **Die sinode versoek die SDR om in hulle beplanning vir die proses vorentoe die bestuur van diversiteit en eenheid ernstig te oorweeg in die bepaling van prioriteite.**

23.4 BESKRYWINGSPUNT: BELYDENIS VAN BELHAR *(Handelinge bl. 126, ordemosie by B.2.3)*

Die sinode verwys beide die voorstel en die respons van Beskrywingspunt 2 na die SDR vir inwerking in die materiaal van die gesprek rondom Belhar.

24. ONDERSOEKLIGGAAM *(Handelinge bl. 121 pt. 2.5)*

Indien 'n ring besluit om van 'n gevolmagtigde ondersoek liggaam gebruik te maak vir 'n tug- of discipliner ondersoek, moet die ring twee kundige lidmate op aanbeveling van die Sinodale Taakspan Regte as lede van die ondersoek liggaam genoem.

25. BEPALINGS

25.1 Bep 5 *(Handelinge bl. 121 pt. 3.2.1)*
Word gewysig om te lees:
Die Sinode besluit dat bepaling 5 verval maar versoek die STR om 'n Reglement vir die Kuratorium van die teologiese fakulteit Pretoria saam te stel na oorleg met die GSK en die drie ander sinodes in die Noorde.

25.2 Bep 7.1.2 *(Handelinge bl. 121 pt. 3.2.2)*
Word gewysig om te lees:
7.1.2 Emeriti jonger as 65 jaar wat kwalifiseer en in Kerkbode bekendgestel is (vgl Bep 14.3).
7.1.3 Emeriti ouer as 65 jaar wat kwalifiseer aan die hand van die Reglement vir Vaste Termynposte.

25.3 Bep 7.2.3 *(Handelinge bl. 121 pt. 3.2.3)*
Word gewysig om te lees:
Leraars wat afgesonder word vir diens in die sending/getuienis waar daar nog geen gemeente van die NG Kerkfamilie bestaan nie, kan beroep word deur een of meer kerkrade of deur die ring. Beroeping kan ook plaasvind deur die Sinodale Diensraad.

25.4 Bepaling 7.3.1 *(Handelinge bl. 120 pt. 1.1)*
Word gewysig om te lees:
7.3.1 'n Beroep mag alleen uitgebring word
7.3.1.1 nadat die kerkraad die ring/ringskommissie oortuig het
***1 van die noodsaaklikheid van die vulling van vakature,**
***2 van die opsies wat oorweeg is (voltyds / tentmaker / termynpos);**
***3 van die finansiële volhoubaarheid van die pos; en**
7.3.1.2 nadat die ring/ringskommissie die advies van die sinodale kantoor ingewin het.

25.4 Bep 7.3.9 (nuwe bepaling) *(Handelinge bl. 121 pt. 3.2.4)*
Die voorsitter van die vergadering sien toe dat die beroepsbrief (diensaanbod) opgestel en met behulp van 'n verteenwoordiger van die ringskommissie gefinaliseer word. Die beroepsbrief word deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken.

25.5 Bep 7.4.2 *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.5)*
Voeg by: 7.4.2.4 die voorgestelde diensooreenkoms.

25.6 Bep 7.4.3 *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.6)*
Word gewysig om te lees:
Nadat die beroep deur die ringskommissie gekontroleer is, word die beroepsbrief en die voorgestelde diensooreenkoms aan die beroepene gestuur.

25.7 Bep 7.7.1 *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.7)*
Word gewysig om te lees:
By oorhandiging/versending van die beroepsbrief en die voorgestelde diensooreenkoms aan die beroepene, word 'n tyd afgespreek waarop daar oor die inhoud van die diensooreenkoms onderhandel kan word. Nadat onderhandelinge plaasgevind het en die diensooreenkoms vasgestel is, moet die beroepene binne 'n week - of anders soos ooreengekom - sy finale antwoord gee, en word die diensooreenkoms by ondertekening daarvan van krag.

25.8 Bep 7.7.2 (Nuwe bepaling) *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.8)*
Die finale diensooreenkoms soos ooreengekom tussen die kerkvergadering en die beroepene word vir finale kontrolering aan die ring/ringskommissie voorgelê.

25.9 Bep 7.10.2 (Nuwe bepaling) *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.9)*
Alle beroepe vir vaste termynposte geskied volgens die Algemene Sinode se Reglement vir Vaste Termynposte (Reglement 13, Kerkorde 2011).

25.10 Bep 8.1.2 (Nuwe bepaling) *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.10)*
'n Verteenwoordiger van die ring/ringskommissie kontroleer die volgende stukke voordat 'n akte van demissie uitgereik word:

***1. Die geskrewe verklaring van die beroepene waarin hy te kenne gee dat hy die beroep aanneem (vgl bep 8.1.1);**
***2. 'n Gekrewe verklaring van die kerkraad waarin hy te kenne gee dat die kerkraad beoog om die beroepene van die gemeente los te maak;**
***3. Die datums van diensbeëindiging en diensaanvaarding in die nuwe werkkring (vgl 8.2.3 soos gewysig).**

25.11 Bep 8.2.3 *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.11)*
Word gewysig om te lees:
Die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente, of diensaanvaarding in diens van die kerkverband, geskied op 'n datum soos ooreengekom. Die bevestiging moet so gou doenlik geskied, maar hoogstens een maand nadat die leraar demissie ontvang het, tensy verlof van die beroepende vergadering en die betrokke ringskommissie verkry is aangesien die beroepende kerkraad finansieel aanspreeklik is vanaf datum van demissie.

25.12 Bep 8.3.2 *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.12)*
Word gewysig om te lees:
Die voorsitter van die beroepende vergadering gee aan die ABR, die saakgelastigde van die Sinode en in Kerkbode kennis van die bevestiging of diensaanvaarding.

25.13 Bep 11.1 *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.12)*
Word gewysig om te lees:
Die skriba van die Ringskommissie gee van alle gevalle van uittrede uit die diens deur bedanking of verlies van ampsbevoegdheid aan die Saakgelastigde van die Sinode kennis sodat:
1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.
2. die skriba van die Algemene Bevoegdheidsraad in kennis gestel word.
3. die Predikante Pensioenfonds ingelig word.

25.14 Bep 13.2.1 (Nuwe bepaling) *(Handelinge bl. 122 pt. 3.2.14)*
Elke leraar ontvang 'n vergoedingspakket soos ooreengekom en met inagneming van sinodale besluite, reglemente en riglyne. Die vergoedingspakket sluit minstens die volgende in:
1. 'n Traktement soos deur die sinode aanbeveel;
2. Gebruiklike toelaes soos deur die sinode aanbeveel wat insluit:
*** 'n Reistoelaag;**
*** 'n Vry woning of 'n behuisingsubsidie;**
*** Kommunikasievoordele vir amptelike gebruik;**
*** 'n Werknemersbydrae vir mediese- en pensioenfonds;**
*** Verlof aan die hand die Reglement van Verlof van Predikante en Sinodale amptenare.**

25.15 Bep 14.2 *(Handelinge bl. 123 pt. 3.2.15)*
Word gewysig om te lees:
Die emeritus gee kennis van emeritaat aan die Saakgelastigde van die Sinodale Kerkkantoor, sodat:
1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.
2. die Algemene Bevoegdheidsraad in kennis gestel kan word.

25.16 Bep 14.3 *(Handelinge bl. 123 pt. 3.2.16)*
Word gewysig om te lees:
Enige predikant wat om watter rede ook al emeritaat aanvaar het, maar wat volgens ouderdom nog sou kon kwalifiseer om beroep te word en wat begeer om tot die bediening terug te keer, moet daarvoor aansoek doen by die Sinodale Taakspan Regte. Die aansoek, waarin verklaar word dat die emeritus in staat is om weer voltyds diens te aanvaar, moet 'n aanbeveling van die ring waar hy woon, asook 'n mediese sertifikaat van 'n geneesheer wat deur die Sinodale Taakspan Regte aangewys is, bevat. Kennis van die beroepbaarstelling met stawende dokumentasie word aan die Algemene Bevoegdheidsraad gestuur.

25.17 Bep 14.4.2 *(Handelinge bl. 123 pt. 3.2.17)*
Word gewysig om te lees:
14.4.2 Tentmakers / termynposte: vergelyk Reglemente 12 en 13 (Kerkorde 2011).

25.18 Bep 14.5 *(Handelinge bl. 123 pt. 3.2.18)*
Word gewysig om te lees: **As 'n predikant te sterwe kom, en hy/sy laat 'n wewenaar/weduwee en/of afhanklike kinders na, betaal die werkgewer 'n bedrag gelykstaande aan die volle traktement en alle**

toelaes wat vir ses maande lank aan die betrokke pos verbonde sou wees, aan sy/haar afhanklikes uit. Waar die werkgewer 'n gratis woning voorsien het, voorsien die werkgewer ook doeltreffende huisvesting of 'n huistoelaag vir ses maande (volgens die skaal soos bepaal deur die Algemene Taakspan Fondse). Die werkgewer kan die uitgawes vanaf die verpligte addisionele groeplewens-versekeringskema verhaal.

25.19 Bep 15.4.1 *(Handelinge bl. 123 pt. 3.2.19)*
Word gewysig om te lees:
15.4.1 Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal en behoort nie langer as vier jaar te wees nie.
***15.4.2 'n Kerkraadslid word gekies vir 'n bepaalde dienstermyn. By verstryking van die dienstermyn kan die dienstyd op versoek van die kerkraad en met instemming van die betrokkene verleng word sonder verdere bevestiging.**

25.20 Bep 18.21.2 *(Handelinge bl. 123 pt. 3.2.20)*
Word gewysig om te lees:
Besluite van die ring en sinode is van krag sodra die vergaderingsnotule goedgekeur is behalwe as die ring/sinode anders besluit.

Bepaling 18.22 (Nuwe bepaling) *(Handelinge bl. 121 pt. 1.2)*
Telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings
18.22.1 Telefoon- en elektroniese vergaderings vir die taakspanne (sluit diensrade/diensgroepe in) van die Noordelike Sinode is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:
1.1 Die vereistes vir die telefoonvergadering is dieselfde as wat geld vir 'n gewone vergadering van die taakspan onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.
1.2 Die notule van so 'n vergadering word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.
18.22.2 Die prosedure is soos volg:
2.1 Die Dagbestuur van die taakspan stel 'n verslag op in verband met die saak waaroor die taakspan besluit(e) wil neem. In die verslag word die sake waaroor en die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.
2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die taakspan versend.
2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat voorgelê is vir stemming betuig het.
2.4 Die notule van so 'n stemming word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.

25.21 Bep 29.1.4 (Nuwe bepaling) *(Handelinge bl. 123 pt. 3.2.21)*
29.1.4 Ringe kan onderling met mekaar in verband tree ten opsigte van gesamentlike werksaam-hede:
29.1.4.1 Waar ringe saamwerk, vind dit plaas in terme van 'n ooreenkoms tussen die ringe onderling.
29.1.4.2 Waar ringe in so mate saamwerk dat die behoefte ontstaan om een nuwe ring te vorm neem die betrokke ringe ter vergadering 'n besluit om saam te smelt. Nadat die ooreenkoms deur beide ringe goedgekeur is en die Sinodale Diensraad die samesmelting goedgekeur het, konstitueer die nuwe ring.

25.22 Bep 30.1.1 *(Handelinge bl. 124 pt. 3.2.22)*
Word gewysig om te lees:
In ooreenstemming met Artikel 30.1 en 30.2 mag elke kerkraad net soveel ouderlinge/diakens afvaardig as wat daar predikantsposte in die gemeente is. Alle predikante, ook predikante in tentmakers- of vaste termynposte, behoort afgevaardig te word.

25.23 Bep 31.2.1.1 *(Handelinge bl. 124 pt. 3.2.23)*
Word gewysig om te lees:

Voor die einde van die gewone vergadering van die ring word daar 'n ringskommissie gekies. Die ringskommissie kan op een van die volgende maniere saamgestel word:
1. Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi);
2. Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi) wat uitgebrei kan word:
2.1 of met 2 ouderlinge/diakens (met sekundi)

2.2 of met een verteenwoordiger per ringsgemeente (met sekundi).
3. Lede van die Ringskommissie kan nie vir meer as twee termyne verkies word om die vergadering in dieselfde hoedanigheid te dien nie. Die persoon kan daarna wel in een van die ander hoedanighede verkies word.

25.24 Bep 32.2.9.3 *(Handelinge bl. 124 pt. 3.2.24)*
Word gewysig om te lees:
Geen persoon mag by meer as twee gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.

25.25 Bepaling 35.2 *(Handelinge bl. 121 pt. 2.3)*
Word gewysig om te lees:
35.2.9 Tydens die sinode word daar 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
1. Die moderator, assessor en aktuarius;
2. Vyf addisionele lede.
3. Adviserend: die sinode se predikant in sinodale diens, wat ampshalwe as skriba optree, en die saakgelastigde van die sinode.

25.26 Bepaling 35.1.1 *(Handelinge bl. 113 pt. 2.1)*
Word gewysig om te lees:
Tydens die sinode word daar 'n Sinodale Diensraad (SDR) saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
1. Die moderator, assessor, aktuarius en vyf addisionele lede.
2. Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.
4. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
5. Die saakgelastigde van die sinode.

25.27 Bepaling 35.1.4 *(Handelinge bl. 114 pt. 2.2)*
Word gewysig om te lees:
Die SDR
1. Keur die beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokus areas.
2. Fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake.
3 Hanteer hertoelating tot die bediening, appèlle, herindeling van ringe en die Sinode se betrokkenheid by teologiese opleiding.
4. Koördineer en inisieer, in oorleg met ringe, die werksaamhede binne die fokusareas.
5 Kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die sinode.
6 Alles wat deur die sinode aan hom opgedra word om te hanteer tussen sinodes.

25.28 Bepaling 35.2.1 *(Handelinge bl. 114 pt. 2.3)*
Word gewysig om te lees:
Tydens die sinode word daar 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
1. Die moderator, assessor en aktuarius
2. Vyf addisionele lede.
3. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
4. Die saakgelastigde van die sinode.

Ter inligting:
Sinodebesluit saam met 35.2.1: Vir die interim besluit die Sinode om die Moderatuur uit te brei met die vorige Diensraadsvoorsitters wat nie reeds op die Moderatuur verkies is nie. Hierdie reëling sal geld totdat die SDR oordeel dat die werksaamhede van die vorige struktuur bevredigend in die nuwe struktuur opgeneem is

25.29 Bepaling 35.2.3 *(Handelinge bl. 114 pt. 2.4)*
Word gewysig om te lees:
Die Moderatuur tree op as dagbestuur van die SDR en hanteer
1 sake wat deur die sinode of Sinodale Diensraad (SDR) aan hom opgedra is;
2. dag-tot-dag bestuursake;
3. die koördinering van die uitvoering van die diensterreine soos bepaal deur die Sinode en die aanwysing van taakspanleiers;

4. die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te bring;
5. die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode.

25.30 Bepaling 35.4 *(Handelinge bl. 125 pt. 1)*
Word gewysig om te lees:
Persone wat die sinode in die volgende instansies verteenwoordig word soos volg aangewys:
***1 Deur die sinode op aanbeveling van die moderatuur:**
***1.1 Kuratorium Teologiese Fakulteit Pretoria : 4 lede met sekundi.**
***1.2 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Stellenbosch : 1 lid met sekundus.**
***1.3 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Bloemfontein : 1 lid met sekundus.**
***2 Deur die SDR op aanbeveling van die moderatuur:**
***2.1 Die Gesamentlike Kommissie vir die Vier Transvaalse Sinodes (GSK) (vgl GSK-reglement).**
***2.2 Bybelgenootskap van Suid-Afrika**
***2.3 Gesamentlike Sending Mosambiek**
***2.4 TOIBO**
***2.5 SKDB Maatskappy**
***3 Vakatures word deur die SDR aangevul op aanbeveling van die moderatuur.**

25.31 Bepaling 35.5 *(Handelinge bl. 114 pt. 2.6)*
Word gewysig om te lees:
Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:
1. 10 leraars (met sekundi) en 10 ouderlinge/diakens (met sekundi) wat tydens die sinodevergadering verkies word.
2. Die SDR finaliseer die afvaardiging aan die hand van die proporsionele formule van die Algemene Sinode eerstens uit die verkose sekundi lede en indien nodig uit lede van die vorige sinode.

SAKEREGISTER

A
Algemene Bevoegdheidsraad 55, 124
Algemene Sinode
    Afvaardiging na 28, 113, 125
    Besluite oor kerkhereniging 34, 125
    Besluite en projekplan, Belydenis van Belhar 39, 126
Argief / argivalia 53
Armoede 80
A-Z beleid 15

B
Bepalings gewysig, vgl Besluiteregister 144 e.v.
Beskrywingspunte
    Belydenis van Belhar 43, 100, 126
    Homoseksualiteit 43, 126
Brugbediening (sien STPB) 16

C
CMR 87

D
Diensgroep Koördinering en Bestuur (DKB)
    Verslag 4
    Verval 27, 114
Diversiteit 127

E
ECHO Jeugontwikkeling 89
Ekologie 73, 92
Emeriti
    Finansiële posisie 53,
Excelsus, sien SBO 32

F
Fourie, brig.genl. Ettienne 110, 113

G
Gemeentebegeleiding 96
Gesamentlike Sinodale Kommissie (GSK) 29, 111
Gestuurde gemeentes 96

H
Hospivisie 85
Hulp in Elke Behoefte (HIEB) 84

I
In memoriam 127

J
Jeug 96
Judea Getuienisforum 83

K
Kamcare 83
Kuratorium
    Verslag 31, 111
    Verteenwoordigers 125

L
Liturgie 96
Luisterspan 113, 118, 119, 124, 127

M
Mediese skema 53, 117
Mentoraat 15
MIV/vigs 84
Moderatuur
    Lede 118
    Samestelling 112
    Taak 114
Mon Ami - Trauma Troops 84
Monumentpark-Wes 111
Moot Care 83

N
Niemand, prof Nelus 113, 118
Nuwe Gemeente Ontwikkeling 96

P
PEN 89
Predikantebegeleiding, vgl STPB
PSD-pos 112

R
Ringe
    Bemagtiging van 19, 110
    Indeling van 22, 110
Ritmejaar 96, 119

S
Schoeman, prof Kobus 119
Sentrum vir Bedieningsontwikkeling (SBO) 32
    Aanvullende kerkeie opleiding 32
    Voortgesette bedieningsontwikkeling 32
Sinodale Diensraad (SDR)
    Fokusareas 28, 112
    Samestelling 27, 112, 113
    Taak 114
    Verslag 9, 109
Sinodale Diensraad vir Gemeenskapsbetrokkenheid (SDGB)
    Armoede 80
    Bejaardes 94
    Ekologie 92
    Kinders, gebroke gesinne en gemarginaliseerdes 87
    Siekes, gestremdes en substansafhanklikes 84
    Substansafhanklikheid en trauma 85
    Verslag 80, 115
    Zimbabwe 94
Sinodale Diensraad vir Gemeenteontwikkeling (SDGO)
    Fokusareas en prioriteite 95
    Taakspanne 95
    Verslag 95, 119
Sinodale Diensraad vir Getuienis (SDG) 60
    Arbeidsbediening 62
    “Erfgoed” 64
    Fokusareas 61
    Inligtingstelsels en kommunikasie 62

Interkulturele bediening 62
Middestede en informele stedelike nedersettings 61
Missionêre funksionering van gemeentes 63
Ondersoek na uitreik-aktiwiteite 66
Plattelandse bediening 61
Samewerking met RCA 62
Sokker 2010 63
Verslag 60, 114
Wêreldsending 62
Sinodale Diensraad vir Ondersteuning (SDO)
Verslag 48, 117
Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding (STPB)
Beleidsdoelwitte 49, 120
Verslag 15, 120
Sinode
Fokusareas 25, 111
Funksionering van strukture 23, 111
Kernbesigheid 25,110
Kernwaardes 24, 110
Visie 24, 110
SKDB Maatskappy 91
Spanontwikkeling/induksie 16
Stabilis 86
Studente 96, 120

T
Tshitandani Childcare Foundation

U

V
Vision of Hope Foundation 83
Vrouebelange 96, 104, 127

W
Wegbreke (sien STPB) 17
Weskoppies Hospitaal 85